

**DIE SOSIALE EN RELIGIEUSE ROL VAN DIE VROU IN  
OUD-ISRAEL**

**deur**

**MICHELLE WILMA JACOBS-SMITH**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening van die vereistes vir die graad van**



**MAGISTER IN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE  
(OU NABYE OOSTERSE STUDIE )**

**Departement Antieke Studie  
aan die Universiteit van Stellenbosch**

**STUDIELEIER: PROF P A KRUGER**

**MAART 2003**

## **VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

## OPSOMMING

---

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die sosiale en religieuse rol van die vrou in Oud-Israel. Die tesis bestaan uit vier dele:

In Hoofstuk I word aandag gegee aan die rol van die vrou in antropologiese perspektief. Hier word nagegaan hoe die vrou gesien is in pre-industriële gemeenskappe.

Omdat Israel nie in 'n vakuum geleef het nie, maar 'n integrale deel van die ou Nabye Oosterse kultuurwêreld was, word daar in Hoofstuk 2 op 'n oorsigtelike wyse op die plek van die vrou in die kulture van Egipte en Assirië- Babilonië gekonsentreer.

In Hoofstuk 3 verskuif die fokus na Israel en word nagegaan watter rol die vrou in die sosiale organisasie gehad het. Daar word ook kortliks gekyk na voorbeelde waar die rol van die vrou wyer gestrek het as die engere familie kring. Hierdie rol, wat getipeer sou kon word as 'n tipe "politieke funksie", was egter net vir 'n paar vroue beskore.

Hoofstuk 4 handel oor die religieuse rol van die vrou in Israel. Hierdie hoofstuk vorm die ander fokuspunt van die studie. Daar word gekyk na die aandeel van die vrou in die offisiële religie, die populêre religie en die familie-religie.

In Hoofstuk 5 word die belangrikste bevindinge van die ondersoek kortliks saamgevat.

## SUMMARY

---

The study investigates the social and religious roles of women in Ancient Israel. The thesis comprises of four parts.

Chapter 1 focuses on the role of women in an anthropological perspective. We take a look at how women were perceived within the pre-industrial communities.

Israel did not live in a vacuum but was part and parcel of the ancient Near Eastern cultural world. Chapter 2 therefore focuses on the role of women in Egyptian and Assyrio-Babylonian cultures. Her social, economic, political and religious roles are under investigation.

In Chapter 3 the focus shifts to the role of women within the social organisation. A short overview with a few examples demonstrates where the role of women expands beyond that of social organisation. This role, which could be described as a “political function”, was only allocated to a few privileged women.

Chapter 4 deals with the religious role of the Israelite women. This chapter forms the other focus point of the study. The religious activities of women within the official, popular and family religious spheres are examined.

Chapter 5 presents a brief summary of the main conclusions of the study.

## INHOUDSOPGAWE

### OPSOMMING

### SUMMARY

### HOOFSTUK 1

#### DIE ROL VAN DIE VROU IN ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF

<b>1. Inleiding</b> .....	1
<b>2. Antropologiese Navorsing en die Rol van die Vrou in Pre-Industriële Gemeenskappe</b> .....	2
<b>3. Begin van Antropologiese Navorsing oor die Rol van die Vrou in Pre-Industriële Gemeenskappe</b> .....	3
3.1 Redes vir die Verwaarlosing van die Studie van die Vrou in die Antropologie .....	4
3.2 Antropologiese Navorsing deur Biologies-Georiënteerde Groepe .....	5
3.3 Antropologiese Navorsing deur Sosiaal- en Kultureel Georiënteerde Groepe .....	6
<b>3.4 Faktore wat volgens Antropoloë tot die Ondergeskikte Status van Vroue gelei het</b> .....	8
3.4.1 Mans se Groter liggaamlike krag .....	8
3.4.2 Mans se Groter aggressiwiteit .....	8
3.4.3 Die Rol van die Vrou ten Opsigte van Baring en die Opvoeding van Kinders .....	9
3.4.4 Die Rol van Vroue by die Sosialiseringsproses van kinders .....	10
<b>3.5 Kort Oorsig van die Rol van die Vrou in Gesinsverband</b> .....	11
<b>3.6 Sosiale Ongelykheid en die Rol van die Vrou in die Huishoudelike Organisasie</b> .....	12
<b>3.7 Toetrede van die Vrou tot die Openbare sfeer</b> .....	14
<b>3.8 Die Rol van die Vrou in die Openbare sfeer</b> .....	14
<b>3.9 Die Vrou in die Ekonomie</b> .....	15
<b>3.10 Die Vrou in die Politiek</b> .....	15
<b>3.11 Die Vrou in die Godsdienst</b> .....	16

### HOOFSTUK 2

#### DIE KULTURELE ROL VAN DIE VROU IN DIE OU NABYE OOSTERSE KULTURE: MESOPOTAMIË EN EGIPTES.

<b>1. Inleiding</b> .....	18
<b>2. MESOPOTAMIË</b> .....	18
2.1 Sumerië (3100v.C.-2700v.C.) .....	18
2.1.1 Die Vrou in die Sosiale Organisasie .....	19
2.1.2 Die Vrou in die Ekonomie .....	20
2.1.3 Die Vrou in die Politiek .....	21
2.1.4 Die Vrou in die Godsdienst .....	22
2.2 Babilonië (2030v.C.-1786v.C.) .....	23
2.2.1 Die Vrou in die Sosiale Organisasie .....	23
2.2.2 Die Vrou in die Ekonomie .....	24

2.2.3	Die Vrou in die Politiek .....	25
2.2.4	Die Vrou in die Godsdienst .....	25
2.3.	Assirië (2030v.C.-1200v.C.) .....	26
2.3.1	Die Vrou in die Sosiale Organisasie .....	26
2.3.2	Die Vrou in die Ekonomie .....	27
2.3.3	Die Vrou in die Politiek .....	27
2.3.4	Die Vrou in die Godsdienst .....	27
<b>3.</b>	<b>EGIPTE (3100V.c.-2890V.c.)</b> .....	<b>28</b>
3.1	Die Egiptiese Gemeenskapsopvatting .....	28
3.2	Die Ou Egiptiese siening van die Vrou .....	29
3.3	Die Vrou in die Sosiale Organisasie .....	30
3.4	Die Vrou in die Ekonomie .....	30
3.5	Die Vrou in die Politiek .....	32
3.6	Die Vrou in die Godsdienst .....	33
3.6.1	Die Vrou as musikant en sangeres .....	34
3.6.2	Die Vrou as Priester .....	35
3.6.3	Die Vrou in Begrafnisrituele .....	36

### HOOFSTUK 3

#### DIE ROL VAN DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE VAN ISRAEL

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b> .....	<b>38</b>
<b>2.</b>	<b>Die Rol van die Israelitiese Vrou in Resente Navorsing: 'n Herwaardering</b>	
2.1	Athalya Brenner (1985) <i>The Israelite Women</i> .....	38
2.2	Carol Meyers (1988) <i>Discovering Eve: Ancient Israelite Women in Context</i> .....	39
2.3	Grace Emmerson (1989) <i>Women in Ancient Israel</i> .....	39
2.4	Tikva Frymer-Kensky (1992) <i>In the Wake of the Goddesses</i> .....	40
2.5	Phyllis Bird (1994) <i>Women in Ancient Mediterranean World: Ancient Israel</i> .....	41
<b>3.</b>	<b>Die Vrou in die Sosiale Organisasie</b> .....	<b>41</b>
3.1	Die Vrou as Eggenoot .....	43
3.2	Die Vrou en Egskeiding .....	45
3.3	Die Vrou as Moeder .....	46
3.3.1	Die Vrou as Versorger van Haar kinders .....	47
3.3.2	Die Vrou as Opvoeder van Haar Kinders .....	47
3.4	Die Vrou as Raadgewer .....	48
<b>4.</b>	<b>Die Vrou as Leier in die Politieke Hoedanigheid</b> .....	<b>49</b>
4.1	Wyse Vroue in Openbare Hoedanigheid .....	50

### HOOFSTUK 4

#### DIE ROL VAN DIE ISRAELITIESE VROU IN RELIGIEUSE VERBAND

<b>1.</b>	<b>Inleiding</b> .....	<b>51</b>
<b>2.</b>	<b>Die Vrou in die Religie van Israel: 'n Nuwe Belangstelling</b> .....	<b>51</b>
<b>3.</b>	<b>Die Familie-Religie in Israel</b> .....	<b>52</b>
3.1	Die Vrou in die Familie-Religie .....	52
3.1.1	Gemeenskapsaktiwiteit .....	53
3.1.2	Die Vrou en die Aflegging van Geloftes .....	53

<b>4. Die Populêre Religie van Israel</b> .....	54
<b>5. Die Offisiële Religie van Israel</b> .....	55
5.1 Die Vrou in die Offisiële Religie van Israel .....	56
5.2 Die Aktiwiteite van die Vrou in die Offisiële Religie .....	56
5.2.1 Die Vrou en Aanbidding .....	57
5.2.2 Die Vrou as Amptenaar in Godsdienstige Opsig .....	57
5.2.3 Die Vrou as Lid van die “Heilige Vergadering” .....	57
5.3 Die Profeet en die Offisiële Religie .....	58
5.4 Vroue as Profete.....	58
5.4.1 Die Profetes Miriam .....	59
5.4.2 Die Profetes Debora .....	59
5.4.3 Die Profetes Hulda .....	60
5.4.4 Die Profetes Noadja.....	60
5.5 Betrokkenheid by Populêre Kultiese Aktiwiteite .....	61
5.5.1 Kultiese Prostitute .....	61
5.5.2 Geestesbesweerderes .....	61
5.5.3 Vroue en die Vreemde Gode: Rituele Klaaglied .....	62
5.6 Die Rol van die Vrou in Ander Kultiese Aangeleenthede .....	62
5.6.1 Die Israelitiese Vrou se Betrokkenheid by Kultiese Teofanie .....	63
 <b>HOOFSTUK 5</b>	
<b>SLOTOPMERKINGS</b> .....	64
<b>BIBLIOGRAFIE</b> .....	67

## **DANKBETUIGINGS**

Aan my Hemelse Vader, vir die genade, liefde en trou aan my bewys deur die jare.

Aan my studieleier, Prof. Paul Kruger, vir sy leiding, geduld en inspirerende woorde vir die duur van die studie.

Aan my man, Willem, vir sy liefdevolle ondersteuning, inspirasie en geduld, wat saam met my die frustrasies en teleurstellings tydens die skryf van hierdie tesis beleef het.

Aan my familie, ma en susters, vir hulle hulp en ondersteuning tydens die duur van my studie.

Aan al my vriende wat 'n positiewe bydrae gelewer het tot my akademiese groei.

Ek wil my diepste dank uitspreek teenoor die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir die finansiële ondersteuning wat hierdie studie moontlik gemaak het.



Geldelike bystand gelewer deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Nasionale Navorsingstigting toegeskryf word nie.

**Opgedra aan Willem**

## HOOFSTUK 1

### DIE ROL VAN DIE VROU IN ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEF

---

#### 1. INLEIDING

Inligting oor die rol en funksie van die vrou in die tyd van die Hebreeuse Bybel is beperk. Van die dag-tot-dag aktiwiteite byvoorbeeld van gewone vroue, is daar nie veel bekend nie. Slegs die dade van 'n paar uitsonderlike vroue soos, onder andere, Debora en Miriam, word meer breedvoerig oor uitgewy. Dit wat in die Hebreeuse Bybel oor die vrou gesê word, is dus nie 'n totale prentjie nie (Bird 1994:31, Meyers 1988:11). As gevolg van dié karige inligting in die Hebreeuse Bybel oor die aktiwiteite van die vrou, het Bybelgeleerdes by die antropologie gaan kers opsteek in 'n poging om die "gapings" in die Hebreeuse Bybel aan te vul.

In die dissipline van die antropologie was daar aanvanklik ook onduidelikheid oor die rol en funksie van die vrou in pre-industriële gemeenskappe. Volgens Evans-Pritchard (1965:40) was daar tot in die vyftigerjare nie veel studies oor die status van die vrou in pre-industriële gemeenskappe onderneem nie omdat daar eenvoudig nie belangstelling in dié onderwerp was nie. Wat Evans-Pritchard (1965) misgekyk het, was dat vroeë antropoloë, onder meer Mead (1949:190), reeds 'n studie oor sekere aspekte van die vrou in hierdie tipe gemeenskappe onderneem het. In een van haar artikels het Mead (1949) tot die gevolgtrekking gekom dat die algemene idee in pre-industriële gemeenskappe bestaan dat die man die voedsel voorsien en die vrou se taak is om dit voor te berei. Dit beeld die man in die algemeen uit as die broodwinner van die gesin (Whyte 1978:3).

Volgens Rosaldo & Lamphere (1974:2) het Mead (1949) se afleidings sekere pertinente vrae na vore gebring, soos: is daar gemeenskappe waar die vrou van gelyke status of superieur met betrekking tot die man

is? Is vroue in die meeste pre-industriële gemeenskappe normaalweg in 'n ondergeskikte posisie met betrekking tot die man? Is vroue tevrede met sodanige ondergeskikte posisie? In watter situasies oefen die vrou wel 'n mate van gesag uit? Watter bydrae lewer die vrou tot die vorming van die aard van die private en openbare ruimte waarin sy haar bevind? (Rosaldo & Lamphere 1974:2). Hierdie tipe vrae is reeds gedurende die negentiende eeu deur navorsers soos Bachofen (1861), Morgan (1851, 1877) en in die twintigste eeu deur De Beauvoir (1953) geopper.

## **2. ANTROPOLOGIESE NAVORSING EN DIE ROL VAN DIE VROU IN PRE- INDUSTRIËLE GEMEENSAPPE**

Meyers (1988) begin haar studie oor die vrou in die Hebreeuse Bybel deur te kyk na die beskrywing van die heel eerste vrou, Eva. Eva verteenwoordig nie net die Israelitiese vrou in die Hebreeuse Bybel nie, maar simboliseer alle vroue van haar tyd (Bird 1987:398, Meyers 1988:3, Bird 1994:36). Die doel met Meyers (1988) se studie was, enersyds, om Bybelgeleerdes bewus te maak van die oënskynlike "onsigbare" lewe wat die Oud-Israelitiese vrou gelei het en, andersyds, poog Meyers om die Bybelse vrou meer profiel te gee deur op haar daaglikse aktiwiteite in die huis en in die gemeenskap te fokus.

Navorsing deur Meyers (1988) en haar tydgenote, soos, onder andere, Bird (1992) toon aan dat die vrou in die Hebreeuse Bybel, op enkele uitsonderings na, oor die algemeen as onderdanig of ondergeskik uitgebeeld word. Die skuld hiervoor kan gedeeltelik geplaas word op die Bybelskrywers self omdat die Bybel die produk is van 'n manlik-gedomineerde wêreld. Dit is dus te verstane dat die vrou in Bybelse tekste vanuit hierdie perspektief nie al te positief beskryf sou word nie.

Inligting in die Hebreeuse Bybel oor die vrou kan nie sonder meer afgeskryf word nie. Met dié inligting moet egter te alle tye krities omgegaan word (Bird 1987:398, Meyers 1988:7-14, Bird 1992:951).

### **3. BEGIN VAN ANTROPOLOGIESE NAVORSING OOR DIE ROL VAN DIE VROU IN PRE-INDUSTRIËLE GEMEENSKAPPE**

Die agtiende eeu word allerweë beskou as die geboortetyd van antropologiese navorsing (Rogerson 1984:2). Sedert die negentiende eeu het daar vooruitgang op die gebied van navorsing oor die status van die vrou plaasgevind, terwyl die belangstelling van talle navorsers in die twintigste eeu geprikkel is deur kwessies soos die rol van die vrou in die skepping van die kultuur van die gemeenskap waarin sy haarself bevind (Rogers 1978:126).

Rosaldo (1974:17) konstateer dat antropoloë, wat die aktiwiteite van die pre-industriële vrou ondersoek, van die begin af gekonfronteer was met ooglopende teenstellings. Aan die een kant, word die buitengewone verskille in geslagsrolle in sowel ons eie kultuur, asook in dié van ander kulture, deur antropoloë soos Mead (1966:322) opgemerk, terwyl ons aan die ander kant, erfgename is van 'n sosiologiese tradisie wat die vrou as wesenlik oninteressant en irrelevant beskou. Insgelyks word dit byna algemeen as normaal aanvaar dat die vrou in byna elke menslike kultuur op die een of ander wyse as ondergeskik aan die man beskou is (Rosaldo 1974:17).

Tydens sy veldwerk in die Chiricahua Apache kultuur het Opler (1945:198-206) byvoorbeeld die vrou se posisie as die ondergeskikte geslag in daardie gemeenskap as volg saamgevat:

"Women are unstable and excitable, have less power, and are more apt to be tempted into sorcery or irregular sexual conduct. Men always take precedence over women socially and hold all important political positions. Women are barred from a number of ceremonial and recreational activities".

Hy voer voorts aan dat enige kultuur sy eie reëls en norme van optrede het wat die plek en rol van mense daarin bepaal. Insgelyks sou dit ook aandui hoe elke individu, en meer spesifiek die vrou, in so 'n gemeenskap behandel is (vgl ook Beals & Hoijer 1971:121).

Vroeëre bevindings deur twintigste eeuse antropoloë het daarop gedui dat die vrou ten beste as 'n ondergeskikte party van die gemeenskap beskryf kan word. Veel erger: haar rol word heel dikwels nog verder gereduseer tot feitlik 'n "nie-bestaande" lid van die gemeenskap, terwyl die man as die enigste sosiale deelnemer beskou word. Rogers (1978) is van oordeel dat die skuld by die antropologiese veldwerk lê, omdat in die meeste gemeenskappe die twee geslagte by mekaar verby geleef het. Mead (1966:322) skryf hierdie toedrag van sake toe aan die feit dat die meeste data oor die vrou die produk van manlike oordeel is, omrede die meeste antropoloë mans is.

Die feministiese beweging, wat in die vroeë sestigerjare van die vorige eeu tot stand gekom het, het 'n groot bydrae gelewer tot die herwaardering van die posisie van die vrou. In die sewentigerjare van die vorige eeu is daar 'n groot aantal boeke en artikels oor die status van die vrou gepubliseer. Ten spyte egter van 'n instroming van inligting rondom die posisie van die vrou, bly die algemene persepsie dat die vrou die ondergeskikte geslag is, nog basies voortbestaan (Montagu 1969:49-50, Quinn 1976:181, Boulding 1976:5, Clark 1989:1-3).

### **3.1 REDES VIR DIE VERWAARLOSING VAN DIE STUDIE VAN DIE VROU IN DIE ANTROPOLOGIE**

Meyers (1988:175) is van mening dat die antropologiese werk van Friedl (1967) in Griekeland gedurende die sestigerjare van die vorige eeu, die stimulus was vir die feministiese perspektiewe wat gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu in aanvang geneem het. Dit is dan ook danksy die herlewing van feminisme gedurende daardie tyd dat daar 'n dringende behoefte ontstaan het om die rol van die vrou te herontdek.

Quinn (1976:181) is van oordeel dat die feministiese beweging 'n merkwaardige invloed op vroue antropoloë gehad het. Die rede hiervoor was dat dit, naas persoonlike oorwegings, hulle in staat gestel het om die rol van die vrou en haar plek in die menslike evolusie te herdefinieer.

Daar het 'n diepgevoelde behoefte ontstaan om die vrou tot essensiële deel van die gemeenskap te "herdoop". Dit het veroorsaak dat navorsers soos Rosaldo (1974, 1980), Quinn (1976), Rogers (1978) en Yanagisako (1979), om maar net 'n paar te noem, na vore getree het om die rol van die vrou in pre-industriële gemeenskappe te herkonstrueer.

Antropologiese navorsing oor die status van die vrou in die huis en die gemeenskap is wel vroeër gedoen. Bamberger (1974:263) wys daarop dat die eerste studie aangaande die status van die vrou deur Bachofen ("Das Mutterrecht") in 1861 in Stuttgart gepubliseer is. 'n Vertaling van die artikel word in Bachofen (1967) gevind. Daarna het meer antropologiese werke verskyn. Friedl (1975:2-3) beskryf kortliks die proses wat aanvanklik gevolg is tydens die insameling van data oor die status van die vrou. Sy verdeel die proses kortliks in twee kategorieë, naamlik (i) antropologiese navorsing wat deur biologies-georiënteerde groepe gepropageer word om die proses van data insameling te verduidelik, en (ii) antropologiese navorsing wat deur sosiaal-kultureel gesinde groepe ondersteun word.

### **3.2 ANTROPOLOGIESE NAVORSING DEUR BIOLOGIES GEORIËNTEERDE GROEPE**

As daar een standpunt is waaroor antropoloë dit eens is, dan is dit dat daar duidelike manlike en vroulike rolle identifiseer kan word. In alle gemeenskappe word 'n onderskeid tussen die take wat normaalweg deur mans en ander deur vrouens verrig word, getref (Holter 1970:3, Friedl 1975:2, Boulding 1976:7). Met ander woorde, daar is 'n oënskynlike universele rolverdeling tussen die geslagte. Friedl (1975:3) verduidelik dat

sekere magsbasiswa uitsluitlik aan mans en ander weer aan vrouens toegeken word.

Die man is die beskermer van sy gesin en in alle pre-industriële gemeenskappe het hy beheer oor sy lokale gebied se hulpbronne uitgeoefen. Hy het tot beide die openbare en privaat terreine vrye toegang gehad. In teenstelling met die bedrywighede van die man, is die vrou se wêreld tot die huishoudelike konteks beperk. Friedl (1975:2) meen dat die persepsie duidelik is, naamlik dat die vrou altyd vir die versorging van haar kinders en vir die voorbereiding van voedsel verantwoordelik was. Daar is algemeen aanvaar dat die huishoudelike en versorgende take die plig van die vrou en nie dié van die man is nie.

### **3.3 ANTROPOLOGIESE NAVORSING DEUR SOSIAAL- EN KULTUREEL GEORIËNTEERDE GROEPE**

In teenstelling met antropologiese data vanuit 'n biologiese perspektief, het die omgewingskundiges uitgewys dat vroue ook aktief by nie-huishoudelike en ekonomiese aktiwiteite betrokke is. Die vrou is nie net indirek by politieke aktiwiteite betrokke nie, maar het selfs politieke mag in eie reg (Mead 1953, Okley 1972). Volgens dié navorsers is aktiwiteite soos spin en weef, wat normaalweg met die aktiwiteite van vroue in een gemeenskap geassosieër is, in 'n ander gemeenskap deur mans verrig. Die aandra van water vir die voorbereiding van voedsel wat in een gemeenskap die taak van vroue is, word in sommige gemeenskappe deur mans verrig (Friedl 1975:3).

Die gevoelens en handeling van mense word nie soseer slegs deur sogenaamde biologiese faktore bepaal nie, maar wel ook deur die interaksie tussen natuurlik-biologiese geneigdhede en verwagtinge wat deur die bepaalde kultuur op die mens afgedwing word. Die verwagtinge wat deur die gemeenskap aan mense gestel word, bepaal hulle aksies en verseker sodoende die oorlewing van sodanige groep (Friedl 1975:3). Die verskil in geslagsrolle moet dus nie sonder meer toegeskryf word aan



biologiese verskille tussen man en vrou nie. Sosiale omstandighede in die gemeenskap, eerder as menslike biologie, is vir die verskil in geslagsrolle verantwoordelik (Rosaldo & Lamphere 1974:5, Friedl 1975:4).

Antropologiese navorsing deur Rogers (1978:126) dui daarop dat die verskillende geslagsrolle, sowel as die morele standaarde van die gemeenskap, die status van die vrou bepaal. Soos wat die beskawing ontwikkel het, het die status van die vrou geleidelik verhoog. Die man se "natuurlike" drange is deur die beskawing onder bedwang gebring. Die gevolg is dat die vrou as die "swakkere" geslag nie meer die prooi van mans was nie. Sy was eerder deur die man in die huis en die gemeenskap beskerm en het hierdeur 'n hoër status geniet.

Die biologiese verskille tussen mans en vrouens het ook die arbeidsverdeling tussen die geslagte bepaal (Friedl 1975:2, Barber 1994:29). Die liggaamlike verskille tussen die man en vrou kom daarop neer dat, as gevolg van die man se groter liggaamlike bou, hy tot groter spierkrag in staat is en dus meer veeleisende take as die vrou kon verrig.

Volgens Ardener (1972:135) het antropoloë gedurende hul navorsing toegegee dat hul waarnemings vanuit 'n manlike perspektief gedoen is. 'n Verdere mistasting is deur navorsers uitgewys, naamlik dat die manlike sienswyse omtrent aspekte rakende 'n bepaalde gemeenskap deur antropoloë as verteenwoordigend van die totale gemeenskap (d.w.s. van man en vrou) beskou is. Die gevolg is dat die waardes en sienswyses van mans verkeerdelik as norm vir 'n spesifieke gemeenskap gedien het. Die vrou se opinie is dus nie in ag geneem nie en gevolglik is sy uit belangrike antropologiese studies uitgesluit.

### **3.4 FAKTORE WAT VOLGENS ANTROPOLOË TOT DIE ONDERGESKIKTE STATUS VAN VROUE GELEI HET**

Quinn (1976:186) beweer dat sekere faktore in die gemeenskappe tot die ondergeskikte status van die vrou bygedra het. Enkele van dié faktore word vervolgens bespreek.

#### **3.4.1 MANS SE GROTER LIGGAAMLIGE KRAAG**

Die biologiese verskille tussen die man en vrou het die arbeidsverdeling tussen die geslagte versterk (Friedl 1975:2, Barber 1994:29). Die feit dat mans oor die algemeen liggaamlik sterker as vroue is, oor groter spierkrag beskik en derhalwe meer veeleisende take kon verrig, bied aan hom 'n "fisiologiese voorsprong" wat deur antropoloë gesien word as die verklaring van die man se dominasie oor die vrou (Quinn 1976:186).

#### **3.4.2 MANS SE GROTER AGGRESSIWITEIT**

Een van die verskille tussen vroue en mans is dat mans oor die algemeen meer aggressief as vroue optree. Hierdie groter aggressiwiteit van mans is 'n direkte uitvloeisel van sy groter liggaamlike krag waarna hierbo verwys is. Volgens Maccoby en Jacklin (1974:47) sluit dit beide fisiese en verbale aggressie in, wat vanaf die ouderdom van twee jaar begin en vir die res van die man se lewe voortduur (Quinn 1976:187-188, Whiting & Edwards 1973:88). Voorhies (1939:48) is van oordeel dat die aggressie van die man 'n verdedigingsmeganisme is, terwyl Hutt (1972:31) dit met twee manlike eienskappe, naamlik ambisie en dryfkrag assosieer.

Volgens Gough (1971:29) is die verskynsel van manlike dominansie reeds by die jagtersgemeenskappe te bespeur. Dit was die gevolg van die man se alleenreg op wapens (spies, ens.), asook sy groter fisiese krag. Die magbehepthed en dominansie van mans het dikwels gelei tot die kroniese fisiese aanranding van vroue.

### **3.4.3 DIE ROL VAN DIE VROU TEN OPSIGTE VAN BARING EN DIE OPVOEDING VAN KINDERS**

"Woman's body and its functions involve her more with her species' life, giving her less time and energy than men to embark on the projects of culture. This in turn gives her a social role close to the domestic sphere, which is considered to be close to nature and inferior " (Ortner 1972:12).

Ortner (1972) toon aan dat vroue 'n tweede rangse status in meeste gemeenskappe gehad het as gevolg van haar biologiese eienskappe as moeder. Die rol van die vrou tydens swangerskap en die opvoeding van haar kinders word as argument aangevoer vir haar uitsluiting uit die ekonomiese lewe. Daar is geglo dat die vrou se plek in die huis by haar kinders is en dat sy nie tyd het om aan die openbare aktiwiteite deel te neem nie (Ortner 1974:67, Friedl 1975:25, Quinn 1976:186-194). Reeds gedurende die paleolitiese tydperk is daar teen die vrou gediskrimineer op grond van haar biologiese eienskappe as moeder. Antropologiese navorsing het aangetoon dat ouer vroue (diegene wat verby hul vrugbaarheidstydperk is) ook van die jagproses uitgesluit is op grond van die feit dat hulle nie oor die nodige vaardighede beskik om saam met die mans te jag nie (Friedl 1975:25, Whyte 1978b:87). Hierdie argument skep myns insiens teenstrydighede omdat dit grotendeels juis aan die manlike geslag te wyte was dat die vrou nooit die geleentheid gehad het om genoemde vaardighede te bemeester nie. Op sy beurt spruit dit weer voort uit 'n verengde opvatting met betrekking tot die rol van die vrou wat deur die manlike geslag op haar afgedwing is.

Rosaldo (1980) ondersteun Ortner (1974) se siening dat die fisiologiese en voortplantingseienskappe van die vrou as aanleiding dien vir die beperking ten opsigte van die vrou se sosiale lewensruimte. Die gevolg hiervan is die ongelykhede op grond van geslag waarteen die vrou daaglik moet stry. Dit is dan ook hier waar sekere antropoloë die fout begaan om te glo dat geslagtelike ongelykhede 'n natuurlike gegewe is wat op die een of ander manier aan funksionele vereistes verbind is. Die

funksionele vereistes word met die mens se seksuele en fisiologiese eienskappe geassosieer (Rosaldo 1980:399).

Quinn (1976:185) erken dat sienings in verband met geslagtelike ongelykhede onder navorsers voorkom. Sy voer aan dat daar sekere bepalende faktore bestaan wat tot die sienings aanleiding gegee het. Die faktore sluit in die biologiese en fisiologiese verskille tussen mans en vroue wat veroorsaak dat daar ook teen die vrou gediskrimineer word, ook wat betref werkgeleenthede (Montagu 1969:149).

Rosaldo (1980:400) is sterk daarvan oortuig dat die wanpersepsie soos geslagtelike ongelykhede bloot van 'n politieke en sosiale aard is. Dit kan alleenlik reggestel word deur 'n herwaardering van die opvattinge wat die verhouding tussen die vroulike en manlike geslagte definieer as aspekte binne 'n wyer sosiale konteks (Rosaldo 1980:401).

#### **3.4.4 DIE ROL VAN VROUE BY DIE SOSIALISERINGSPROSES VAN KINDERS**

Die vrou is tradisioneel vir die opvoeding en primêre versorging van kinders verantwoordelik. Sy is ook die een wat die kind bewus maak van haar/sy omgewing en interaksie met die res van die gemeenskap (Quinn 1976:193). Die vrou speel 'n belangrike rol by die vorming van die kind se persoonlikheid. Die kind leer van vroeg af die verwagtinge van haar/sy sosiaal-gekondisioneerde geslagtelike identiteit aan. Die dogter doen dit deur eenvoudig haar moeder na te boots. Chodorow (1974:44) gaan verder en noem dat seuns 'n deel van sy primêre identiteit met betrekking tot sy moeder prysgee en die ruimte van sy vader betree ten einde 'n "man" te word. Die gevolg van hierdie identiteitsverskuiwing is die "ontkenning" van vroulikheid om sodoende sy eie identiteit te definieer.

Die onderrig waaraan seuns blootgestel word, versterk hul differensiële ontwikkeling (Barry, Bacon & Child 1957:2). Die seun se wêreld is

grootliks gemik op prestasie en selfvertroue, eerder as versorging en verantwoordelikheid. Dié tydperk in die seun se lewe word gevolg deur 'n stadium wat beskryf kan word as die van die portuurgroep. Dié tydperk word voorafgegaan deur die tipe opvoeding wat geassosieer word met 'n strewe na prestasie, die soeke na kompetisie vir statusdoeleindes en die onderhouding van 'n sosiale afstand wat 'n vereiste is vir die handhawing van outoriteit (Quinn 1976:194). Dié aspekte dien dan ook as verklaring vir die universele alleenreg van mans in die openbare wêreld en die beperking van vroue tot die huishoudelike sfeer.

Na jare lange studie het antropoloë tot die besef gekom dat die vrou 'n integrale deel van enige gemeenskap vorm, spesifiek met betrekking tot die huishoudelike organisasie. Haar bydrae as versorger van haar familie en opvoeder van haar kinders het antropoloë tot nuwe insigte oor en waardering van haar gemeenskapsrolle gebring.

### **3.5 KORT OORSIG VAN DIE ROL VAN DIE VROU IN GESINS- VERBAND**

Antropoloë soos Collier (1974) en Lamphere (1987), wat die rol van die vrou ondersoek het, het tot die gevolgtrekking gekom dat navorsers sekere aspekte oor die rol van die vrou doelbewus geïgnoreer het. Die vrou se rol op politieke gebied en die redes vir haar optrede in bepaalde omstandighede, is byvoorbeeld nooit nagevors nie. Die navorsing van Wolf (1972:160) rakende die Taiwanese gesinslewe het aangetoon dat die skeiding van gesinslede daartoe aanleiding gegee het dat vroue op politieke en sosiale gebied pogings aangewend het om nie alleen hul eie belange nie, maar ook dié van hul bloedverwante te beskerm en te bevorder (Collier 1974:31, Yanagisako 1979:190). Dit het aanleiding gegee tot negatiewe persepsies oor die vrou, naamlik dat vroue skoorsoekerig, selfsugtig en van nature onverantwoordelik is. Daar is ook bevind dat konflik tussen broers, en nie soseer die aksies van vroue nie, dikwels aanleiding gee tot gesinsverbrokkeling.

Rogerson (1978:112) wys daarop dat navorsers in die verlede foute gemaak het rakende die politieke strategië wat vroue binne die huishoudelike ruimte toegepas het om sodoende haar eie belange te bevorder. Antropoloë het hul aandag op die idee van outoriteit binne formele magsstrukture gevestig eerder as om te kyk na die informele magsstrukture. Volgens Yanagisako (1979:190) suggereer Collier (1974:31) en Lamphere (1987) dat dit 'n algemene verskynsel is dat manlike persone politieke mag bekom deur uitgebreide groepe van families wat saamwoon te hê, terwyl die vrou se politieke mag juis lê in die opbreek van hierdie groepe.

Smith (1978:139) is van opinie dat Martinez-Alier (1974) nie geïsoleerde ekonomiese faktore, soos beroep en finansiële inkomste, in die huishouding in ag neem nie. Die bevindinge van Martinez-Alier (1974) is dus 'n nie 'n akkurate weerspieëling van die verskillende tipes huishoudelike eenhede waarbinne die vrou haar bevind nie (Yanagisako 1979:195).

### **3.6 SOSIALE ONGELYKHEID EN DIE ROL VAN DIE VROU IN DIE HUISHOUELIKE ORGANISASIE**

Tradisioneel word daar van die vrou verwag om haar tot die sosiale ruimte van haar huis te beperk. Yanagisako (1979) het hierdie aspek ondersoek en bevind dat antropoloë die laaste paar jaar nuwe perspektiewe in hierdie verband belig het. Hoewel van die uitgangspunte oorvleuel, kan hierdie nuwe perspektiewe kortliks in drie kategorieë verdeel word (i) 'n studie van die rol van die onderskeie geslagte in gesinsverband, (ii) 'n studie van die gesinslede se onderlinge verhoudings, en (iii) 'n studie van bestaande sosiale ongelykhede binne die sosiale sisteem (Yanagisako 1979:190).

Onderlinge sosiale ongelykheid tussen gesinslede, en veral tussen mans en vrouens binne die huishouding, het groot leemtes uitgewys. Yanagisako (1979:193) wys daarop dat navorsers in die verlede nie die

nodigheid daarvan ingesien het om ondersoek in te stel na die ongelykheid wat binne gesinsverband tussen die geslagte voorgekom het nie.

Navorsers soos Martinez-Alier (1974:92) het op die huwelik in negentiende eeuse Kubaanse gemeenskappe gefokus in 'n ondersoek na die kleur- en klasverskille. Daar is bevind dat die hiërargiese aard van die breë sosiale orde vir die seksuele diskriminasie teen "gekleurde" vroue binne die huwelik verantwoordelik was.

Die studie van Gough (1971:79) voer ons terug na die Nuer gemeenskap. Sy plaas die gemeenskap in 'n sosiale oorgangsperiode, eerder as in 'n proses van tydlouse ekwilibrium. Haar ondersoek het gevolg in reaksie op Evans-Pritchard (1951) se navorsing oor die verhoudings tussen gesinslede binne die Nuer gemeenskap. Hy het op die verhoudinge tussen die geslagte, asook die verhouding tussen ouers en kinders gefokus. Evans-Pritchard (1951) was van mening dat die verhouding tussen die geslagte en dié tussen kinders en volwassenes, eerder van 'n sosiale as 'n politieke aard is (Evans-Pritchard 1951:41-42, sien ook Yanagisako 1979:195).

Gough (1971) se insiggewende bydrae spruit uit haar onwilligheid om Evans-Pritchard (1951) se skeiding tussen die huishoudelike en die politieke sfeer te aanvaar (Yanagisako 1979:195). Deur saam te voeg wat Evans-Pritchard (1951) n onderskeid in tref, werp Gough (1971) lig op die funksionering van die sosiale stelsel. Die funksionering word, volgens Gough (1971), bewerkstellig deur die verhouding tussen die geslagte, kinders en volwassenes, aan die een kant, en die verhouding tussen mans, aan die anderkant. Gough (1971) het bevind dat 'n groot gedeelte van die populasie binne die huishoudelike Nuer gemeenskap nie volgens die manlike verwantskapslyn funksioneer nie (Gough 1971:67, Yanagisako 1979:195).

### **3.7 TOETREDE VAN DIE VROU TOT DIE OPENBARE SFEER**

Vernuwing in die tegnologie wat produktiwiteit bevorder het, het 'n impak gehad op die tradisionele rol van die vrou. Vroue het egter nou kleiner, maar ewe belangrike funksies begin verrig. Gedurende die laat Paleolitiese tydperk, ongeveer 8300 v.C., het vroue byvoorbeeld na die vee en ander diere, wat reeds getem was, omgesien (Boulding 1976:69). Die aanbreek van die Neolitiese tydperk (5000 - 3000 v.C.) het groot sosiale veranderinge teweeg gebring. Dit het gepaard gegaan met groter sosiale vryhede vir die vrou. Gedurende die Bronstydperke (ongeveer 3000 -1000 v.C.) is die vrou se status aansienlik verhoog toe die tegniek, wat die saaiproses vergemaklik het, ontwikkel is (Boulding 1976:19, Barber 1994:25).

Op landbougebied het die vrou vorendag gekom met die idee om sommige van die bolle en knolle, wat sy versamel het, oor te plant om sodoende haar eie voedsel by haar huis te begin kweek. In die Ystertydperk (1000 - 500 v.C.) het die man op die gebied van landbou beheer oorgeneem. Vroue het hierna minder belangrike, maar tog ewe veeleisende take, soos byvoorbeeld die aandra van water na die landerye, verrig (Boulding 1976:12).

### **3.8 DIE ROL VAN DIE VROU IN DIE OPENBARE SFEER**

Antropoloë doen reeds jare lank navorsing oor die infrastruktuur van gemeenskappe (Friedl 1975:2). Daar word gekyk na partye wat vir die gesamentlike onderhoud van die gemeenskap, die stamgroep en die individuele gesin verantwoordelik is. Hiervolgens word daar bepaal watter individue die leidende- en gesagsrolle binne so 'n gemeenskap vertolk. Dit is juis hier waar daar 'n rolverdeling tussen die geslagte belangrik word (Friedl 1975:14, Boulding 1976:53). Antropologiese navorsing het bevind dat gemeenskappe sekere aktiwiteite uitsluitlik aan vroue en ander hoofsaaklik aan mans toegeken is. Die aktiwiteite en deelname aan die



bedrywighede in die gemeenskap het die domeine van politiek, ekonomie en godsdiens ingesluit.

### **3.9 DIE VROU IN DIE EKONOMIE**

Die vrou se bydrae tot die ekonomie van pre-industriële gemeenskappe het groot belangstelling in antropologiese kringe ontlok. Onder die negentiende eeuse evolusioniste het die siening bestaan dat die vrou se status in die gemeenskap verhoog word met haar verhoogde bydrae tot ekonomiese aktiwiteite (Rogers 1978:138). Gedurende die Paleolitiese tydperk het die pligte van die vrou dan ook die insameling van plantsoorte, waaronder bolle en knolle wat as voedsel gedien het, ingesluit (Rogers 1978:139, Barber 1994:27). Die man was, onder meer, vir die jag van wild verantwoordelik. Hoewel hy soms dae of selfs weke lank weg was op soek na vleis, het hy baie keer leë hande teruggekeer. Die enigste voedsel waarop die gesin dan oorleef het, was die plantsoorte wat deur die vrouens versamel is (Lee 1968:33, Boulding 1976:76) .

Antropoloë plaas toenemend meer klem op buitenshuise aktiwiteite van die vrou om daarmee aan te dui dat dit haar status in die gemeenskap verhoog het. In sekere gemeenskappe is dit die gebruik dat slawe arbeid verrig wat 'n belangrike bydrae lewer tot die bestaande ekonomie van 'n gemeenskap sonder dat hul status in daardie gemeenskap noodwendig daardeur verhoog word.

### **3.10 DIE VROU IN DIE POLITIEK**

Die politieke betrokkenheid van die vrou in die pre-industriële gemeenskappe het nou saamgehang met die omstandighede wat vir die voortdurende lae status van die vrou verantwoordelik was. Antropologiese navorsing probeer hierdie durende lae status van die vrou verduidelik in die volgende terme: die aard van haar politieke deelname, die beheer wat sy gehad het oor ekonomiese en persoonlike sake, interpersoonlike gelykheid tussen die geslagte en die vrou se ideologiese posisie in die

gemeenskap (Rosaldo 1974:19, Quinn 1976:187, Rogers 1978:140). Rosaldo (1974:21) dui verder aan dat daar ongelykheid bestaan met betrekking tot die manier waarop sommige aktiwiteite aan mans en ander aan vrouens toegedeel is.

Rosaldo (1974) se navorsing in die Arapesh gemeenskap het aangetoon dat die voedsel wat byvoorbeeld deur mans versamel of gejag is, meer aansien in die gemeenskap geniet het as die voedsel wat deur vrouens versamel is (Rosaldo 1974:22). Dit het natuurlik tot die verlaging van haar ekonomiese status in die gemeenskap bygedra. Volgens antropologiese navorsing kan die afleiding gemaak word dat die vrou weinig politieke mag in die pre-industriële gemeenskappe gehad het nie (Rosaldo 1974:17-18, Rogers 1978:140). Tog is dit bekend dat die vrou wel in 'n mate informele mag of invloed in die gemeenskap uitgeoefen het. Hierdie aspek is egter deur etnografiese literatuur misgekyk.

Ook word die kapitaal wat die vrou deur middel van haar bruidskat van haar ouers ontvang het en wat haar sodoende ekonomies onafhanklik gemaak het, deur navorsers nie genoegsaam in ekonomiese opsig verreken nie. Wat egter waar is, is dat die man absolute mag in politieke aangeleenthede en ander posisies van outoriteit uitgeoefen het en die vrou ten gevolge hiervan op politieke gebied gedomineer het (Friedl 1967:98-105, Redford 1967:60, Boulding 1976:10, Rogers 1978:141).

### **3.11 DIE VROU IN DIE GODSDIENS**

Henney (1968) se antropologiese navorsing oor die godsdienstige rol van die vrou het haar na die gemeenskap van St. Vincent geneem waar sy die volgende waarnemings gemaak het. Eerstens het die kerk voorsiening vir persone van die laer klas gemaak om spreekbeurte in die kerk te kry om sodoende met hul god te kommunikeer. So 'n spreker was in 'n posisie om die belangstelling van die hele gemeente te trek. Die voorreg was egter nie vir vroue beskore nie. Tweedens was die vrou oor die algemeen in 'n onderdanige posisie in die kerk (Wilson 1975:165, Bourguignon

1980:177). In teenstelling hiermee het Gussler (n.d.) se navorsing in die gemeenskap van St. Kitts aan die lig gebring dat vrouens aan die hoof van die Pinksterkerk was en self dienste gelei het. In dié gemeenskap het die vrou dus op die voorgrond van die godsdienstige aktiwiteite gestaan (Bourguignon 1980:195).

## HOOFSTUK 2

### DIE KULTURELE ROL VAN DIE VROU IN DIE OU NABYE OOSTERSE KULTURE: MESOPOTAMIË EN EGIPTE.

---

#### 1. INLEIDING

Die periode tussen 9000 - 3000 v.C. het van die vroegste beskawings van die mensdom opgelewer. Die eerste permanente nedersettings dateer ongeveer 9000 - 6000 v.C. (Mesolitiese tydperk) en is in die daaropvolgende fase deur die versameling van plante en die mak maak van diere gevolg. Dit het die begin van die Neolitiese tydperk ingelei. In die daaropvolgende twee millennia (4000 - 2000 v.C.) het Mesopotamië en Egipte die besproeiingstegniek vir 'n konstante watervoorraad ontwikkel (Knapp 1988:11-15, Barber 1994:27, Hallo & Simpson 1998:13). Die eerste dorpe het gedurende die periode 5000 - 3000 v.C. hul verskyning gemaak.

#### 2. MESOPOTAMIË

Die gebied wat as Mesopotamië bekend staan is in die streke van Jezerah in die weste, Assirië in die ooste en Sumerië in die suide, verdeel. Dis in die gebied waar die beskawings van Sumerië en Babilonië-Assirië ontstaan het (Durant 1954:116, Knapp 1988:23, Hallo & Simpson 1998:11).

##### 2.1 SUMERIË ( 3100 - 2700 v.C)

Inligting oor die status van die vrou in antieke Sumerië is meesal van tekste afkomstig wat 'n vroeë periode van vrede en vooruitgang in die gemeenskap aandui. Voortdurende struwelinge tussen die uitbreidende

stede het die aanvraag na sterk manlike leiersfigure en soldate verhoog (Seibert 1974:12, Lesko 1989:43).

Dit het aanleiding gegee tot die verswakkende status van die vrou omdat hulle nie aktief by oorloë betrokke was nie. Hulle word so gereduseer tot objekte wat beskerm moet word, terwyl mans verhef word tot helde van die stryd.

### **2.1.1 DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE**

Inligting oor die Sumeriese beskawing is afkomstig van die tablette wat tydens opgrawings in Ur gevind is. Deskundiges op die gebied van Sumerië en Assirië, onder andere, Kramer (1963,1956) en Jacobsen (1960), het die materiaal geanaliseer en die sosiale omstandighede, veral met betrekking tot die vrou, ondersoek (Boulding 1976:182, Lesko 1987:59). Moorey (1977:40) verduidelik na aanleiding van die bevindinge in die grafkelders by Ur dat:

" We still know too little of family relationships within the Early Dynastic Sumerian ruling families, of the nature of their marriages, of their lines of inheritance, of the distribution of ranks, titles and religious offices, and their precise contemporary terminology, confidently to analyse the sociology of the royal tombs ".

Enige rekonstruksie van die status van die vroeë Sumeriese vrou kan dus net voorlopig wees.

Baie waarde is aan die gesin, aan die gelyke status van mans en vrouens en ook aan die onderskeie rolle van mans en vroue, wat tot konflik aanleiding kon gegee het, geheg. Die Gilgamesj epos verskaf sekere leidrade oor die Sumeriese perspektief oor die vrou in die gemeenskap. Dit skets die vrou in positiewe terme, so veel so dat selfs 'n prostituut as liefdevol, sorgsaam en wys uitgebeeld word (Seibert 1974:36, Harris 1992:950). Die vrou het byvoorbeeld positiewe reaksies ontlok wanneer

sy raad en ondersteuning aan haar man verleen en hom sodoende gehelp het om sy persoonlike ideale te verwesenlik.

'n Goeie voorbeeld van wat die Sumeriese verwagtinge van die vrou was, word in die verhaal van Ishtar uitgebeeld. In die Gilgamesj-epos word die verhaal van Ishtar aangehaal. Ishtar, die groot godin, wat met die matriargale godsdienste van daardie tyd geassosieer is, was so 'n uitsonderlike vrou (Durant 1954:60, Mckenzie 1973:18, Kramer 1976:10). Sy is deur die gemeenskap verwerp vanweë haar optrede wat baie met dié van die manlike geslag ooreengestem het. Ishtar maak byvoorbeeld aan Gilgamesj 'n huweliksaanbod, iets wat in daardie tyd totaal en al ongehoord was vir 'n vrou. Sy het hom aanvanklik met geskenke oorlaai en hom later selfs met die dood gedreig nadat hy haar aanbod van die hand gewys het.

Dié optrede van Ishtar was egter uitsonderlik en geensins tiperend van die deursnee vrou in Sumerië nie. 'n Gewilde Sumeriese teks wat in Akkadies vertaal is, het 'n boodskap wat deur 'n seun aan sy moeder geskryf is, bevat. Dit het die ideale vrou as beeldskoon, stralend, produktief, grasieus, vroulik en welriekend uitgebeeld. Sy was altyd gereed om oor die belange van haar man en kinders te waak (Harris 1992:950-951).

### **2.1.2 DIE VROU IN DIE EKONOMIE**

Sumerië het 'n landelike ekonomie gehad en albei geslagte was heel waarskynlik by die boerdery, visvang en die vang van voëls betrokke. Daar was normaalweg van die vrou verwag om na die versorging van haar familie en huis om te sien. Hier het sy haar besig gehou met die maal van graan vir die bak van brood en die spin en weef van wol vir die maak van kledingstukke vir haar gesin (Seibert 1974:12, Boulding 1976:179, Harris 1992:949). Die vrouens van die laer sosiale klasse het in die kombuis van die tempel en koringmeule, brouerye en die tekstielbedryf gewerk. Die vroue het ook in die kultiese aktiwiteite as

musikante en sangeresse hul ekonomiese bydrae gelewer (Lesko 1987:60, Harris 1992:949).

Die Sumeriese vrou was ook, wat regstatus betref, gelykstaande aan die man. Sy was geregtig om eiendom te besit en het in besigheidstransaksies deelgeneem (Durant 1954:130). Met die toename in private eiendom het die skuld van die inwoners verhoog. Die tempel was 'n bron van finansiëring vir die inwoners en het lenings op 'n groot skaal aan die mense toegestaan. Die gevolg was dat die inwoners net dieper in die skuld geraak het (Van der Toorn 1996:30). Sommige van die mense is so diep in die skuld gedompel dat hulle forseer is om hulle kinders, en veral hulle dogters, as slawe te verkoop. Daar was van die seun verwag om die ambag van sy vader aan te leer en hy was daarom van meer waarde vir die gesin. Dié situasie moes sekerlik 'n uitwerking op die status van die vrou oor die algemeen gehad het (Seibert 1974:32, Boulding 1976:183, Lesko 1987:61).

### **2.1.3 DIE VROU IN DIE POLITIEK**

Soos ekonomiese veranderinge in die gemeenskap die status van die vrou fundamenteel beïnvloed het, het die politieke veranderinge ook 'n uitwerking op die status van die vrou gehad. Met die groei van die bevolking het die verskynsel van oorlog onder die Sumeriese stadstate baie algemeen voorgekom. Daar het 'n nood onder die mense ontstaan vir 'n sterk leierfiguur om hulle deur die moeilike tye te dra. Koningskap as 'n permanente instelling het kort daarna eers in Kisj en later in Uruk en Ur ontstaan (Boulding 1976:183, Lesko 1989:61). Met die totstandkoming van die eerste koningshuis, het vroue van die koninklike huis met die aanstelling van die opvolger vir die koning gehelp. Dit was heel waarskynlik die begin van die vrou se betrokkenheid in die politieke sfeer.

Historiese rekords wat behoue gebly het, toon aan dat 'n heerser van Umma, aanspraak op 'n stad gemaak het op grond van sy huwelik met 'n dogter van 'n vorige heerser. Melding word ook gemaak van twee

opeenvolgende koninginne van Lagasj wat hul eie geregshof en hul eie amptenare en bediendes gehad het (Harris 1992:950).

Elkeen van die koninginne het hul eie amptelike seël, soos die koningin van Ur, gehad. Elkeen van die koninginne was self in beheer van hul eiendom en het aan openbare en godsdienstige aktiwiteite deelgeneem (Durant 1954:129, Boulding 1976:181, Lesko 1987:62).

#### **2.1.4 DIE VROU IN DIE GODSDIENS**

Gedurende die Sumeriese periode het vrouens en dogters van die koninklike heersers die koninklike familie by tempelseremonies verteenwoordig. Die koningin van Lagasj het na verskeie tempels en altare gegaan om aan kultiese feeste deel te neem en offerandes aan die god Nammu te maak (Durant 1954:129, Harris 1992:949). Die godsdienstige rol van die Sumeriese vrou was egter beperk en is bepaal deur die destydse heersende ideologie. Omdat die vrou politieke mag gehad het, het hierdie aspek ook deurgewerk na die godsdienstige sfeer. Die beginsel wat hier gegeld het was dat die religieuse orde 'n speelbeeld van die politieke orde was. In terme hiervan is eertydse invloedryke godinne in die Sumeriese panteon gedegradeer en het hulle leidende religieuse posisies oorgegaan na hulle manlike eweknieë (Lesko 1987:63).

Van al die godinne was Inanna, die "godin van die hemele", die een wat die meeste in eposse, mites en lofsange aangehaal word. Sy word deur haar volgelingen as die verpersoonliking van vroulike seksualiteit beskou. Prinses Enheduanna, die dogter van Koning Sargon, was 'n hoëpriesteres van die maangod, Nanna, in 2200 v.C. Haar bekende gedig, "Verheerliking van Inanna", het vir millennia daarna behoue gebly. Onder haar leierskap moes tempelbyeenkomste 'n baie lewendige geleentheid gewees het want vrouens het godsdienstige danse uitgevoer (Boulding 1976:218, Lesko 1987:63):



"There was elaborate music by women, under the direction of the queen and princesses as priestesses. Queen Shubab of Ur made music on harp and tambourine with her ladies in waiting or with professional musicians ..." (Drinker 1948:81).

## **2.2 BABILONIË ( 2030 - 1786 v.C.)**

Gedurende die tweede millennium (2030 - 1786v.C.) was Mesopotamië in twee geografiese streke, naamlik Babilonië en Assirië, verdeel (Knapp 1988:136). Spykerskriftablette van Babilonië, Noord-Assirië en Anatolië het waardevolle inligting oor dié streke na vore gebring. Dit het aangetoon dat koning Shamsi-Adad van Assirië en Hammurabi van Babilonië in onderhandelings betrokke was met betrekking tot die totstandkoming van twee state (Knapp 1988:137).

### **2.2.1 DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE**

Die vrou het 'n integrale deel van die gesin gevorm. Die familie (vader, moeder en kinders) en die stamgroep het verder deel van 'n groter sosiale netwerk in die gemeenskap van Ou Babilonië gevorm. In die Babiloniese gemeenskap het die gesin as die "huis van die vader" bekend gestaan, omdat die man die mees prominente familielid was (Gelb 1979:58, Van der Toorn 1996:20). Die man se rol het hoofsaaklik uit twee aspekte bestaan: eerstens was hy in die gesin die hoogste outoriteit en tweedens was hy die verteenwoordiger van sy gesin in die gemeenskap. As hoof van sy gesin het hy as woordvoerder tydens geregtelike hofsittings opgetree. By sommige geleenthede kon die oudste seun die posisie vul, maar nooit was 'n vrou betrokke nie (Van der Toorn 1996:21).

Van der Toorn (1996) dui aan dat die ou Babiloniese gesinstruktuur patrilineêr van aard was. Hy gaan verder deur te sê dat die vrou wel 'n invloed op die familie as 'n geheel gehad het, maar die man het nog steeds juridiese gesag en mag gehad. Die vrou moes binne die gesin op die agtergrond bly. Haar domein was die huis. Tot die stad se openbare

terreine, te wete die stadspoort en die drinkplekke, het die vrou toegang gehad. Dit is egter deur beide haar man en die gemeenskap aan haar gestel dat hierdie plekke nie deur 'n welopgevoede vrou besoek word nie. Ingetoënheid, onderdanigheid en betaamlikheid is as kardinale deugde van die Babiloniese vrou beskou (Durant 1954:230, Finet 1973:137-143, Van der Toorn 1996:21). Selfs dogters moes op vroeë ouderdom reeds hierdie tipe kwaliteite openbaar.

## **2.2.2 DIE VROU IN DIE EKONOMIE**

Die ekonomie van Babilonië was nie van 'n egalitêre aard nie. Binne die gemeenskap kon daar verskeie hiërargiese strukture onderskei word. Dit het bestaan uit die adel, die middel- en die laerstand. Die hoërklas of adel het oor die rykdom en mag wat met alle koninklike families geassosieer word, beskik (Durant 1954:230, Knapp 1988:149, Van der Toorn 1996:26). Die man uit die middelstand het genoeg gehad om te eet, het 'n dak oor sy kop gehad en het in diens van die adel gestaan. Die laerstand was die slawe en met betrekking tot hulle was daar verskeie wetlike stipulasies in die Wetteversameling van Hammurabi. Die sosiale rangorde van die ou Babiloniese gemeenskap het nou saamgehang met die oneweredige verspreiding van materiële rykdom in daardie gemeenskap.

Die elite was in meer as een opsig in 'n uiters gunstige sosiale posisie. Hulle was op ekonomiese en politieke gebied die mees bevoorregte deel van die samelewing. Dié groep se voorregte was nie tot die ekonomiese en finansiële sfeer beperk nie, maar hulle het ook geweldig baie voorregte op politieke en godsdienstige gebied geniet (Van der Toorn 1996:30). Die vrou in hierdie welaf groepe het sekere voorregte soos materiële rykdom, grondbesit en ekonomiese invloed, bloot as gevolg van haar man se posisie in die gemeenskap, geniet. Sy het egter nie al die voorregte wat haar man beskore was, gehad nie.

Die vrou uit die middelklas was ekonomies onafhanklik as gevolg van die bruidskat wat sy van haar pa geërf het. Om sodanige bruidskat te vermy

het sommige families hul dogters na die tempel gestuur waar hulle as “bruide van die god” in diens van die god was. Die vroue was aktief betrokke in handelstransaksies wat, onder meer, ingesluit het die huur en verhuur van eiendom en die uitleen van geld. Die transaksies het natuurlik haar aanvanklike bruidskat vermeerder.

Die vroue in die tempel was natuurlik ook vrygeskeld van die las van swanger- en moederskap en dit het haar die vryheid gegee om meer aktief in ekonomiese bedrywighede betrokke te wees. Die vroue het genoeg kans gekry om die kuns van skrif te bemeester. So was daar vroue in Sippar wat as skrifgeleerdes opgetree het (Harris 1975:142-269, Lesko 1987:66, Harris 1992:949).

### **2.2.3 DIE VROU IN DIE POLITIEK**

Oor die algemeen was die status van die gewone Babiloniese vrou laer as die van haar Egiptiese eweknie. Om haar dagtake te verrig, wat ingesluit het die versorging van haar kinders, die aandra van water vanaf openbare plekke en die maal van koring vir die bak van brood, was sy toegelaat om die publieke terrein vryelik te betree. Die Babiloniese vrou is ook toegelaat om eiendom te besit en die winste daarvan te geniet. Volgens die Babiloniese wettestelsel is onbeperkte mag aan die manlike lede van die gemeenskap gegee (Durant 1954:247). In die Wettesamelewing van Hammurabi is daar probeer om sekere regte van die vrou te verskans, soos byvoorbeeld die feit dat sy eiendom kan besit of as getuie kan optree. Tog was dieselfde wettesamelewing ook baie bevooroordeelend teenoor die vrou. Byvoorbeeld, as 'n vrou haar man in die verleentheid laat beland het, kon hy haar skei. As sy van owerspel skuldig was, kon sy doodgemaak word (Seibert 1974:13-17).

### **2.2.4 DIE VROU IN DIE GODSDIENS**

Die vrou van Ou Babilonië was aktief by godsdienstige aktiwiteite betrokke en het haar religieuse opvattinge met groot oortuiging uitgeleef.

Die Wetteversameling van Hammurabi maak melding van priesteresse en toegewyde vroue wat in diens van hul gode gestaan het. Onder die priesteresse was die dogters van die elite, sowel as dié van die gewone burgers (Van der Toorn 1994:93). Die religieuse aktiwiteite van vroue is deur die manlike geslag, wat in die meerderheid was en beheer oor die tempel uitgeoefen het, beperk. Daar was wel 'n rol vir die vrou binne die godsdienstige sfeer, solank sy "haar plek" geken het.

Dit het beteken dat sy prakties gesproke van alle openbare religieuse handeling uitgesluit is en tot die uitsluitlik private aanbidding van haar god beperk is. Die private aanbidding het in die vrou se familie sfeer plaasgevind en het uit gebede, offerandes en die aflê van geloftes bestaan (Van der Toorn 1994:93).

### **2.3 ASSIRIË (2030 v.C.- 1200 v.C.)**

Die beste bron tot beskikking van navorsers oor die status van die Assiriese vrou, is die Middel-Assiriese Wetteversameling. Dit word beweer dat die tablette wat uit die twaalfde eeu v.C. dateer reeds so vroeg as die vyftiende eeu v.C. geskryf kon gewees het (Pritchard 1958:180-188, Lesko 1987:69).

#### **2.3.1 DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE**

Die posisie van die vrou was veel swakker in die Assiriese gemeenskap as in die tyd wat dit vooraf gegaan het. Die lang, uitgerekte oorloë het sy tol geëis. In die onsekere omstandighede het die vrou haar toevlug tot haar huis en die beskerming van die man geneem (Lesko 1987:69). Hier het die man die vrou in 'n onderdanige posisie gehou. Een van die metodes hoe dit bewerkstellig is, is dat daar van die vrou verwag is om 'n sluier te dra (Durant 1954:275, Seibert 1974:43, Hurley 1989:28). Die feit dat 'n vrou gesluier was, het simbolies daarop gedui dat sy onder die sorg en beskerming van 'n man gestaan het.

### **2.3.2 DIE VROU IN DIE EKONOMIE**

Die vrou was die eiendom van die man, soos reeds in die vorige paragraaf aangedui is. Dogters het nie eiendom of 'n bruidskat, soos in Babilonië die geval was, van hul ouers op die dag van hul huwelik ontvang nie. Ouers het eerder 'n beloning van die toekomstige skoonseun vir die afstaan van hul dogter ontvang. Dit het die vrou nie juis ekonomies onafhanklik van hom gemaak nie. Inteendeel, sy was totaal en al van hom afhanklik (Durant 1954:275, Lesko 1987:69). Die Assiriese vrou was ook nie toegelaat om eiendom te besit, soos die vroue van Babilonië nie.

Enige besittings wat die vrou in die huwelik ingebring het, kon die man afneem en gee vir wie hy ookal wou. Sy mag oor die vrou was dus onbeperk (Lesko 1987:70).

### **2.3.3 DIE VROU IN DIE POLITIEK**

As die Assiriese vrou nie ekonomies onafhanklik was nie, is dit verstaanbaar waarom sy onbeduidende politieke mag gehad het. Daar was eerder van die gewone vrou verwag om na haar gesin om te sien. Haar normale huishoudelike take het ingesluit die voorbereiding van voedsel en die maak van klere (Harris 1992:949). Tog word daar melding gemaak van die vroue van Ou-Assiriese handelaars wat by die tekstiel-industrie betrokke was. Die vroue het beheer uitgeoefen oor die huur van verspreiders om hul produkte af te lewer. Daar is die uitsonderlike voorbeeld van 'n moeder uit Nuzi wat die hoof van haar gesin was en wat by die aankoop van minstens dertig stukke grond betrokke was (Grosz 1983:203, Lesko 1987:949). As gevolg hiervan kon sy dus 'n mate van invloed op politieke gebied uitoefen.

### **2.3.4 DIE VROU IN DIE GODSDIENS**

Die belangrikste god van die tyd was die god Assur. Hy was 'n god wat te enige tyd gereed was vir oorlog en beskryf is as genadeloos teenoor sy volgelinge. Dié god het van sy volgelinge verwag om die Assiriese

landsgrense uit te brei. Dit is gedoen met die idee van 'n sogenaamde "heilige oorlog" (Knapp 1988:225). Onder die leierskap van so 'n gewelddadige god kon die vrou sekerlik nie 'n prominente rol in die openbare godsdienst van die gemeenskap gespeel het nie. Soos te verwagte is, word daar in die oorblywende tekste geen melding gemaak van die rol van die vrou in die godsdienst nie. Indien sy wel 'n rol gespeel het, was dit hoofsaaklik in die private familie sfeer (Durant 1954:276).

### **3. EGIPTIE (3100 v.C- 2890 v.C)**

Terwyl die Sumeriese en Babilonies-Assiriese vroue geworstel het met 'n afnemende invloed op die openbare sfeer, was die Egiptiese vrou in 'n baie meer bevoorregte posisie gedurende dieselfde periode (Durant 1954:164, Boulding 1976:227). Die Egiptiese vroue was sigbaar in al die domeine van ekonomie, politiek en godsdienst en het verskillende sosiale rolle in die gemeenskap vervul. Dit is heelwat meer as wat van die ander Ou Nabye Oosterse beskawings gesê kon word (Boulding 1976:228, Lesko 1987:44).

#### **3.1 DIE EGIPTIESE GEMEENSKAPSOPVATTING**

Voor daar na die rol van die vrou in sosiale organisasie van Ou Egipte gekyk word, is dit nodig om 'n agtergrond van die sosiale struktuur van die gemeenskap te skets. Volgens die Egiptiese wêreldopvatting het die sosiale organisasie van die gemeenskap 'n hiërargiese rangorde gehad. Aan die bopunt van die rangorde was die sakrale wêreld, wat superieur met betrekking tot die profane wêreld was. Die koning het aan die spits van die gemeenskap gestaan en het sekere voorregte, tesame met die goddelike wesens geniet. Die koning het dan ook as tussenganger tussen die mens en die goddelike wesens opgetree (Durant 1954:169, Gosse n.d:2, Robins 1993:16).

Die tweede vlak in die gemeenskaprangorde was die elite wat, onder andere, uit die skrywers bestaan het. Dié groep het 'n klein persentasie

van die samelewing uitgemaak en was die manlik-gedomineerde burokrasie van Egipte. Dié klein groepie mense was verantwoordelik vir die oorlewering van die literêre bronne wat ons vandag oor Egipte tot ons beskikking het (Robins 1993:16).

Die derde vlak was die kunstenaars en arbeiders. Die grootste gedeelte van die bevolking was van die werkersklas. Hierdie groep was in besit van 'n groot gedeelte van die grond van die Egiptiese bevolking.

Die vierde vlak, aan die onderste punt van die rangorde, was die slawe, insluitende vreemde gevangenes wat gekoop en verkoop kon word. Baie min inligting, oor die slawe en die werkersklas is gevind, aangesien aanvaar is dat die groep mense ongeletterd was (Pomeroy 1984:xii, Grosse n.d:3, Robins 1993:17).

### **3.2 DIE OU EGIPTIESE SIENING VAN DIE VROU**

Genoeg visuele en literêre bronne wat aan ons 'n goeie beeld van die Egiptiese vrou verskaf, het behoue gebly. Daar is beeldhouwerke, reliëfs en muurskilderye. Reliëfs en muurskilderye is in grafkelders aangebring om sodoende die afgestorwene aan sy/haar aktiwiteite, wat in die hiernamaals voortgesit moes word, te herinner (Lesko 1987:48, Gosse n.d:4). In die Egiptiese gemeenskap is sekere wetlike regte, gelykstaande aan dié van die man, aan vroue van dieselfde sosiale rang, toegeken.

Daar is egter heelwat veralgemenings met betrekking tot die eienskappe van die Egiptiese vrou gemaak (Watterson 1991:1). Literêre tekste, soos byvoorbeeld sekere wysheidstekste wat inligting oor die antieke vrou verskaf, gee 'n eksklusiewe manlike siening van die vrou (Robins 1993:176). Sy word, onder meer, as selfsugtig, as die een wat net na haar eie belange omsien en haar eie doelwitte nastreef, beskryf. Die man, aan die ander kant, het groter vryhede as die vrou geniet. Die man het sy vrou vir die voortbring van wettige erfgename gebruik, sy byvroue vir die daaglikse versorging van sy liggaam en prostitute vir seksuele plesier

(Clark 1989:21). Egipte was egter nie 'n gemeenskap waarin die man op eksklusiewe wyse oorheers het en waarin die vrou bloot as instrument vir prokreasie gebruik is nie.

### **3.3 DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE**

Regdeur die geskiedenis van Egipte het die vrou gelyke status met die man geniet. 'n Getroude vrou het haar status as individu behou en het nie as gevolg van haar huwelik 'n onderdanige posisie ingeneem nie (Lesko 1987:57, Robins 1993:124).

Die vrou het nie 'n manlike voog nodig gehad tydens die opstel van haar testament, by vererwing, of die aankoop of verkoop van eiendom nie. 'n Moeder kon aan al haar kinders, seuns en dogters, gelyke erforsies nalaat. Sy kon 'n onderskeid tussen die kinders tref indien een van hulle versuim om gedurende haar oudag na haar om te sien. Die vrou kon ook tydens hofsittings getuig en het die reg gehad om grond te besit (Lesko 1987:57, Robins 1993:104).

### **3.4 DIE VROU IN DIE EKONOMIE**

Dokumente wat uit die periode 2640 - 1551 v.C. dateer, toon duidelik aan dat vroue in besit was van grond (Allan 1981:126). Die vroulike grondeienaars is nie net onder die elite en welgestelde families gevind nie, maar ook onder vroue uit die middelstand. Geskrifte uit die jare 1650 tot 1551 v.C. vertel die verhaal van 'n eenvoudige soldaat wat ses jaar lank in die Nubiese weermag diens gedoen het. Die paragraaf lui soos volg:

" I acquired land of two cubit, one for my wife, Hormini, as her property, the other in her possession is mine " (Allan 1981:127)

Hierdie inskripsie dui duidelik aan dat selfs vroue uit die laer sosio-ekonomiese stand grond besit het (Allan 1981:128, Grosse n.d :4). Die afleiding wat uit hierdie geskrif gemaak kan word oor die man se houding



ten opsigte van die vrou, is dié van respek. Dit dui ook daarop dat die man die vertroude gehad het dat sy vrou die grond tot ekonomiese voordeel van hul albei sou bewerk (Boulding 1976:112).

Die vrou was aktief by openbare ekonomiese aktiwiteite, asook sosiale aangeleenthede betrokke (Boulding 1976:228, Hawass 1995:36). Egipte was 'n gemeenskap waarin die vrou 'n grote mate van vryheid geniet het, waarin sy haarself buite die beperkte ruimte van die huis kon uitleef. Hierdie verskynsel is nie in die ander antieke beskawings aangetref nie (Grosse n.d:6, Boulding 1976:228).

Dokumente dui daarop dat sekere vroue in Deir el-Medina persoonlik by handelstransaksies betrokke was (Robins 1993:129, Hawass 1995:134). Sy was persoonlik in beheer van die administrasie daarvan. Sy het wetlike status gelykstaande aan die van die man geniet (Hughes 1998:17). Dit het groot sosiale vryheid aan haar besorg, in die mate dat sy in die openbaar kon verskyn sonder om haar gesig te bedek. Die vrou se grond is hoofsaaklik vir die aanplant van voedselsoorte en vir die doeleindes van handeldryf gebruik. Sy was persoonlik by die saaiproses en die insameling van die oes betrokke. Sy het self haar produkte na die mark geneem, waar sy by ruil- en handelstransaksies betrokke was (Pomeroy 1984:148, Robins 1993:127, Hawass 1995:137).

Melding word byvoorbeeld gemaak van 'n vrou wat 29 stukke koper, gelykstaande aan 15 *khar* graan, ontvang het vir handgemaakte klere wat sy wou verhandel (Jansen 1975:279). Rekord van 'n ander handelstransaksie meld dat 'n vrou items ter waarde van 6 916 gram graan aangekoop het. Sy het 'n afbetaling van kledingstukke en groente ter waarde van 545 gram graan gemaak. Die skuldeiser moes egter oortuig daarvan gewees het dat sy die res van haar skuld binne 'n redelik tydsbestek sou kon vereffen. 'n Ander voorbeeld meld van 'n vrou wat eienaarsreg van 'n stuk grond prysgegee het in ruil vir 'n donkie. 'n Ander literêre teks van Deir el-Medina maak melding van 'n stuk grond wat

ongeveer 15 470 *eenhede* werd was en wat aan 'n vrou genaamd, Webkhet, behoort het ( Cerný & Gardiner 1957:186, Robins 1993:129).

In die reël was die vrou nie prominent wat die openbare ampte betref nie, maar geskifte dui daarop dat vroue wel die pos van tesourier en hofmeester kon beklee het. Een terrein waarop die vrou oorheers het, was dié van die tekstielbedryf. Die tekstielbedryf, en veral die maak van linne, het 'n groot bydrae tot die land se ekonomie gelewer. Die kuns van weef het 'n hoogtepunt in Egipte bereik en skeppings in die verband is baie hoog geag (Lesko 1987:54, Hughes 1998:18). Vroue was nie net werkers in die bedryf nie, maar ook kontroleurs. Die vroue van die harem was vir die opleiding van die werkers verantwoordelik en moes ook beheer oor hulle uitoefen (Robins 1993:35, Hawass 1995:138).

### **3.5 DIE VROU IN DIE POLITIEK**

Vroue van die Nuwe Koninkryk (1567 -1085 v.C.) het oor die algemeen nie belangrike posisies in die staat beklee nie. Hulle het meer hulle teenwoordigheid laat geld deurdat hulle in sameswerings en rebellies betrokke geraak het (Lesko 1987:52). Koninginne en priesteresse het egter wel groot politieke mag gehad. Die Egiptiese vrou uit die hoër klasse het gedurende die Hellenistiese periode (331-323 v.C.) politieke mag bekom, meestal as gevolg van hul man se status. Die verhaal van Audata, 'n Illiriese prinses wat later die Griekse naam Euridike aangeneem het, word as voorbeeld vertel. Sy het nie die Griekse tradisie van haar man aan haar dogter, Cynane en kleindogter, Euridike, oorgedra nie, maar haar eie Illiriese tradisie (Boulding 1976:232, Pomeroy 1984:5). Die drie vroue het so die vroegste vorm van familieoordrag langs die vroulike lyn verteenwoordig.

Die verhaal verloop verder waar Cynane saam met haar vader, Phillipus, in Illirië, die geboorteplek van haar moeder, oorlog gevoer het. Cynane het gerêel dat haar dogter Euridike, met Phillipus III van Arrhidaeus, die seun van Phillipus II, trou. Cynane het later op die slagveld gesterf. Voor

haar dood het sy haar dogter, Adea, geleer om te jag en te veg. Adea het politieke ambisies gehad en het later die naam Euridike aangeneem. Deur dit te doen het sy die Macedoniërs nie net aan haar ouma laat herinner nie, maar ook aan die moeder van Philipus II (Pomeroy 1984:6).

### **3.6 DIE VROU IN DIE GODSDIENS**

Religie het 'n belangrike rol in die lewe van die antieke Egiptenare gespeel (Watterson 1991:39, Hawass 1995:158). Die vrou het baie min belangrike religieuse posisies gedurende die Nuwe Koninkryk gevul. Die toenemende tegnologiese ontwikkeling wat deur hierdie periode gekenmerk is, het die indiensneming van mans op ander terreine beïnvloed. Dit het die geleentheid vir die gewone vrou gebied om weer aktief tot die terrein van die godsdiens toe te tree.

Die godsdiens van die Egiptenare het op alle kulturele groepe gefokus. Die vrou het dus godsdienstige belangrikheid, ten spyte van haar sosiale klas, geniet (Lesko 1987:53). So het die vrou van die tempelpriester sekere godsdienstige funksies en administratiewe verantwoordelikhede gehad. Die vrou van die eerste profeet van die "Koning van die Gode" in Karnak, het die titel as "Vernaamste Byvrou van Amon Ra" ontvang. Die meer algemene titel van "Sangeres van Amon" is aan vroue van die laer sosiale range toegeken (Lesko 1987:54).

Afgesien van die reeds genoemde beroepe, soos die van handelaar en tekstielwerker wat die Egiptiese vroue kon beoefen, was daar vyf verdere addisionele beroepe binne haar bereik. Sy kon ook as priesteres en vroedvrou in die gemeenskap optree. Die vrou kon ook as roubeklaer, danseres en musikant binne die godsdienstige opset, haar brood verdien (Watterson 1991:38, Robins 1993 :145, Hawass 1995:165).

### 3.6.1 DIE VROU AS MUSIKANT EN SANGERES

Musiek, sing en dans het almal onder die beskerming van Hathor, die godin van liefde, wat veral deur vrouens aanbid was, geval. Sy was geassosieer met aspekte van seksualiteit, vrugbaarheid, uiterlike skoonheid en plesier. Die godin word eerstens as 'n "koei-godin" uitgebeeld van wie die horings Koning Horus teen die son se strale beskerm, terwyl haar melk hom voed. Tweedens word sy as 'n vrou uitgebeeld met die ore van 'n koei en met horings as 'n hooftoisel. In verskeie mites word Hathor beskryf as die "dogter van Ra", die songod, wat haar vader sal beskerm indien dit nodig is (Durant 1954:198, Robins 1993:161, Hawass 1995:164). Haar kultus se belangrikste plek van samekoms was in die weste van Thebes, in Deir el-Bahri. Gedurende opgrawings is verskeie dankoffers en vrugbaarheidsfigure wat uit die Nuwe Koninkryk (1567 -1085 v.C.) dateer, daar gevind.

'n Stele wat gedurende die opgrawings in Deir el-Bahri gevind is, het aangetoon dat een van die dankoffers 'n geskilderde weefstof ingesluit het wat die skenker tesame met ander figure wat voor die godin Hathor staan, uitbeeld (Robins 1993:161, Hawass 1995:164). Baie van die dankoffers bevat geen tekste nie, maar die geslag van die skenker kan uit die figuur afgelei word. Van die vyf-en-dertig oorblywende tekste wat in Deir el-Bahri gevind is, word in geeneen alleen deur mans geoffer nie, terwyl sewentien meld dat vrouens alleen geoffer het. Van die figure wat op die weefstof geïdentifiseer kan word, is vier-en-sewentig vroue (Robins 1993:162).

Gedurende die Nuwe Koninkryk (1567 -1085 v.C.) het groot getalle vrouens en dogters van amptenare van die tempel in Deir el-Bahri, veral van die elite klas, die titel van *shemayet* ("musikant") ontvang (Robins 1993:145, Hawass 1995:165). In Thebes het byna elke vrou, insluitende die vroue van priesters wat 'n mate van status in die gemeenskap geniet het, die titel van "musikant van Amun" gehad. Amun was gedurende dié periode (1567 -1085 v.C.) die belangrikste staatsgod.

Die taak van die vrouemusikante was gewoonlik om die harp of tamboerein teen hul sy te dra om sodoende feestelike klanke voort te bring. Vrouens van priesters was baie kere sangers en het gedurende feeste die gode in groepe vergesel. Hulle het lofsange aan die gode opgedra en vrolike danse uitgevoer (Robins 1993:146, Hawass 1995:165). Gedurende die Nuwe Koninkryk is groepe van sangers, wat “musikale troepe” genoem is, by ’n tempel of paleis gestasioneer.

Die opsiener van die groep van musikante was gewoonlik die vrou van ’n belangrike priester van die tempel. Die groep musikante het vrouens sowel as mans ingesluit. Die groep word op die reliëfs van Hatshepsut uitgebeeld waar hulle haar vergesel in die uitvoer van rituele voor die god, Amun. Hatshepsut is die dogter van Tutmosis I en die vrou van haar half broer, Tutmosis II, die koning wat na die hemele “opgevaar” het en daar met die gode verenig is (Robins 1993:45).

Die ritueel wat voor die god Amun uitgevoer word, wys op ’n manlike musikant wat die harp speel en ’n lofsang aan die god opdra terwyl drie vroulike musikante die tamboerein bespeel en lofsange vir die gode sing (Robins 1993:149, Hawass 1995:165).

### **3.6.2 DIE VROU AS PRIESTER**

Die amp van priesteres is as een van die belangrikste beroepe beskou en het die hoogste professionele status verteenwoordig. Een van die mees algemene titels wat die vrou van die hoër sosiale klasse ontvang het, was dié van “priesteres van Hathor”. Die kultus van die godin was hoofsaaklik deur vrouens gepraktiseer, omdat hierdie godin prokreasie en moederskap versinnebeeld het (Durant 1954:198, Robins 1993:144, 161, Hawass 1995:160-64).

Meer vroue het priesterlike titels gedurende die Middel Koninkryk (ongeveer 2000 v.C.) as in enige ander tyd in die Egiptiese tydperk beklee. Ten minste twee range van die titel “priester” was bekend,

naamlik “die vroulike dienaar van die god” en “die rein een” (Lesko 1987:49, Hawass 1995:163). Soos die koninklike familie, het die priesterlike familie van die Middel Koninkryk ook administratiewe poste vir hul vrouens bestem. Vroue het voortgegaan om as begrafnispriesters op te tree waar hulle betrokke was by die bewaring en insameling van donasies vir die instandhouding van grafkelders (Lesko 1987:49).

### **3.6.3 DIE VROU IN BEGRAFNISRITUELE**

Vanaf die vroegste tye het die Egiptenare in 'n lewe na die dood geglo. Daar is geglo dat die vrou dieselfde behoeftes as die man tydens kultiese- en begrafnisdienste gehad het (Robins 1993:163, Hawass 1995:177). Gedurende die Ou Koninkryk (2686 - 2181v.C.) het vrouens as begrafnispriesters opgetree (Fischer 1989a:13, Robins 1993:164). Selfs die titel van “opsiener van die begrafnispriester” is aan die vrou opgedra.

Dié titel vir vroue het saam met die Ou Koninkryk uitgesterf en in die Middel - (2055 -1650 v.C.) en Nuwe Koninkryk (1567 -1085 v.C.) kon vroue net begrafnissteles, waarop afbeeldings van hulleself verskyn het en wat rituele aan die dooies uitbeeld, opdra. Dié rituele het, onder meer, ingesluit offerandes. Die vroue kon selfs begrafnisbeelde aan veral hul mans en ouers opdra.

In die Nuwe Koninkryk (1567-1085 v.C.) was die begrafnispriesters oorwegend manlik. Tog word 'n vrou ook uitgebeeld waar sy aan die voete van die afgestorwene gesit en rouklaag het. 'n Stele in Deir el-Medina, wat deur 'n moeder aan haar dogter geskenk is, het die titel “roubeklaer” bevat, wat 'n aanduiding is dat die aktiwiteit van klaagvrou 'n belangrike vroueprofessie van daardie tyd was (Robins 1993:164, Hawass 1995:178). Die getal vroulike roubeklaers is veel meer as dié van mans. Van die bekendste roubeklaers is, onder andere, die godinne Isis en haar suster, Nephthys, wat oor die dood van die godin, Osiris, gerouklaag het (Robins 1993:164). Vroue het beslis die beroep van roubeklaer beklee en moes die voorskrifte van hul amp aanleer (Brenner 1985:37, Brenner

1993:84). Die taak van die klagende vroue was om gedurende begrafnisdienste en soortgelyke byeenkomste, gepasde tekste vir die omstandighede voor te dra. Hierdeur het hulle aan begrafnisgangers die geleentheid gebied om uiting aan hulle gevoelens oor die afgestorwene te gee (Goiten 1988:25, Brenner 1993:84).

## HOOFSTUK 3

### DIE ROL VAN DIE VROU IN SOSIALE ORGANISASIE VAN ISRAEL

---

#### 1. INLEIDING

Die voorafgaande twee hoofstukke was van 'n inleidende aard en het gefokus op die vrou in 'n breë antropologiese perspektief en die rol van die vrou in die belangrikste ou Nabye Oosterse kulture. Die volgende twee hoofstukke gaan aandag gee aan die plek van die vrou in twee van die belangrikste samelewingsdomeine van antieke Israel, naamlik die van sosiale organisasie en religie. Voordat egter daarby gekom word, gaan 'n kort oorsig gegee word van enkele pionierstudies oor die vrou in Oud-Israel van die afgelope twee dekades. Hierdie studies is van deurslaggewende aard omdat dit die huidige navorsing oor die vrou in die Bybelse tye bepaal.

#### 2. DIE ROL VAN DIE ISRAELITIESE VROU IN RESENTE NAVORSING: 'N HERWAARDERING

##### 2.1 ATHALYA BRENNER (1985) *THE ISRAELITE WOMEN*

Brenner (1985:10) grond haar bevindings op tekste in die Hebreeuse Bybel en toon aan hoe die vrou in die huis en in die breë gemeenskap behandel is. Wat Brenner (1985) in haar navorsing doen, is om die Bybelverhale te interpreteer teen die literêre en sosiale raamwerk van die Bybelse tye en die destydse heersende denkraamwerke.

Wat van belang is in Brenner (1985) se werk is hoe die vrou in die Ou Nabye Oosterse beskawings behandel is en haar direkte verwysings in hierdie verband na die Hebreeuse Bybel (sien byvoorbeeld Ester 1:11-22



en Brenner 1985:9). Sy wys byvoorbeeld daarop dat die vrou meesal as die persoonlike eiendom van die man beskou is en dienooreenkomstig behandel is (sien bv Hoog 6:8).

## **2.2 CAROL MEYERS (1988) *DISCOVERING EVE: ANCIENT ISRAELITE WOMEN IN CONTEXT***

Meyers (1988), in haar soeke na die realisme agter die teks, is van oordeel dat die Hebreeuse Bybel 'n gebrekkige bron met betrekking tot die rol en staanplek van die vrou is omdat dit 'n teologiese en ideologiese bepaalde geskrif is. Daarom slaan sy 'n ander weg in en poog om vanuit die dissiplines van die antropologie en argeologie aan te dui hoedat sodanige studies aangewend kan word om die vrou in Bybelse tye op 'n nuwe manier te interpreteer (Meyers 1987:219, Meyers 1988:11).

Haar bestudering van die ekologiese en demografiese faktore wat bydraend is tot die bepaling van geslagsverhoudinge en die status van die vrou, word as belangrike bydrae tot die studie van vroue in antieke Israel gesien. In Meyers se 1994-studie word daar gekyk na die ekonomiese en sosiale opset waarbinne die gesin gefunksioneer het en veral hoe die rol van die vrou in terme daarvan verstaan moet word (Meyers 1994:40). In aansluiting by Frymer-Kensky (1992:189), wat op nuut gewys het op die aanvanklike belangrike bydrae van die vrou op landbougebied en die feit dat ten gevolge daarvan haar status aansienlik in die gemeenskap verhoog het, is ook Meyers van oordeel dat daar rekening gehou word met die geslagtelike ongelykheid en die onderskeie waardestelsels wat ten opsigte van elkeen van die geslagte gegeld het. Volgens Emmerson (1989) was Meyers (1988) se werk die eerste betekenisvolle poging om die sosiale wêreld van die vrou in antieke Israel te rekonstrueer.

## **2.3 GRACE EMMERSON (1989) *WOMEN IN ANCIENT ISRAEL***

Emmerson (1989:371) fokus op die feit dat die vrou in die Hebreeuse Bybel normaalweg vanuit 'n manlike perspektief aan die leser bekend

gestel word. In die lig hiervan is sy van opinie dat dit belangrik is om vas te stel of hierdie siening die werklike toedrag van sake was en of dit die gevolg is van waninterpretasie aan die kant van die interpreteerders (Emmerson 1989:371). Emmerson (1989) wys op die gekompliseerdheid van die proses van kulturele rekonstruksie. Eerstens wys sy op die beperktheid van die beskikbare materiaal ten einde 'n betroubare beeld te vorm van die sosiaal-religieuse posisie van die vrou. Tweedens beklemtoon sy die graad van ingewikkeldheid van die interpretasie van antieke tekste. Positiewe aspekte van die vrou wat Emmerson (1989) aanraak, sluit onder meer in: die rol van die vrou in leierskapposies in die gemeenskap, haar rol as raadgever aan die koningshof en die vrou se profetiese rol in die gemeenskap. Deurdadig die Hebreeuse Bybel na hierdie rolle van die vrou verwys, dui volgens Emmerson (1989) aan dat die vrou 'n belangrike bydrae met betrekking tot die openbare terrein in antieke Israel gelewer het (Emmerson 1989:380).

#### **2.4 TIKVA FRYMER-KENSKY (1992) *IN THE WAKE OF THE GODDESSES***

Volgens Bird (1994) het Frymer-Kensky (1992) nooit 'n poging aangewend om die opvatting oor die vrou wat in omloop was te rekonstrueer nie. Frymer-Kensky (1992) is egter van mening dat sodanige rekonstruksie 'n onmoontlike taak sou gewees het juis omdat inligting aangaande die vrou vanuit 'n manlike perspektief gelewer is. Dis is te verstane dat sulke opvatting omtrent die vrou nie altyd positief sou gewees het nie. Die doel met haar navorsing was egter om te fokus op die onderskeie rolle van die vrou, wat ingesluit het haar bydrae ten opsigte van die sosiale, politieke, ekonomiese en religieuse sferes. Hiermee wou sy aantoon dat die vrou onteenseglik 'n belangrike skakel in die ou Nabye Oosterse sosiale gemeenskap was.

Hoewel daar gebreke is in Frymer-Kensky (1992) se benadering ten opsigte van die vrou, is die wins van haar navorsing die feit dat sy weer die lig laat val het op die verskillende rolle van die Mesopotamiese vrou, veral

ten opsigte van haar religieuse rol. Hier laat sy die lig val op veral godinne, wat byvoorbeeld uitgebeeld word as moeders wat betrokke is by hulle mans en kinders se daaglikse behoeftes. Soos Meyers (1988), is ook Frymer-Kensky (1992) van mening dat die vrou vroeër 'n hoër status in die gemeenskap geniet het as gevolg van haar bydrae op landbougebied.

## **2.5 PHYLLIS BIRD (1994) *WOMEN IN ANCIENT MEDITERRANEAN WORLD: ANCIENT ISRAEL***

Bird (1994) se navorsing oor die vrou het haar tot die gevolgtrekking laat kom dat daar tot op daardie stadium baie min pogings aangewend is om die sosiaal-godsdienslike wêreld van die vrou te beskryf. Sy het besluit om juis dit haar taak te maak en die selfvertroue en oortuiging waarmee sy dit uitgevoer het, het haar laat glo dat haar navorsing gevrywaar is teen die teenstand van haar manlike kollegas. Die insigte wat sy versamel het, het haar die afleiding laat maak:

" In fact, it is my recognition that I have only scratched the surface that stimulated subsequent efforts to fill out the picture and to lay a surer foundation" (Bird 1994:37).

## **3. DIE VROU IN DIE SOSIALE ORGANISASIE**

Die vestiging van Israel (ongeveer 1200 v.C.) het plaasgevind tydens 'n periode waar die Oos-Mediterreense bevolking oor die algemeen in 'n toestand van sosiale, ekonomiese en politieke agteruitgang vasgevang was (Gottwald 1979:298, Rogerson 1989:27). Rampe soos hongersnood, siektes en oorloë, wat gedurende die voorafgaande Laat Bronstydperk (1300 v.C.) voorgekom het, het die reeds beperkte lewensverwagtinge van die inwoners van hierdie antieke beskawings selfs nog verder ingekort. Antieke Israel was 'n pioniergemeenskap en elke beskikbare lid van die gemeenskap was by die bewerking van die land betrokke. Verskeie onontwikkelde gebiede in die hoogland het uit beboste, klipperige en droë areas bestaan. Groot gebiede moes gelyk gemaak word en putte moes

gegrawe word om 'n standhoudende watervoorraad te verseker. Toegewyde en intensiewe arbeid was nodig vir die bewerking van daardie tipe grond (Hopkins 1985:217, Barber 1994:27).

Die verhoogde aanvraag na arbeid het ongetwyfeld belangrike implikasies vir die lewe van die vrou ingehou. Lesko (1989) wys daarop dat die veranderde behoefte aan arbeid, groter gesinne vereis het, meer hulpkrigte was nodig om bebosde gebiede te bewerk (Meyers 1988:55, Lesko 1989:273). Kinders is as werkers ingespan om te help in die voorsiening van 'n konstante voedselvoorraad. Groot druk is gevolglik op die vrou uitgeoefen om veral aan seuns geboorte te skenk. Voorts het die verhoogde vraag na arbeiders beteken dat die vrou aktief by die landboubedryf betrokke moes raak. Toenemende produktiwiteit op landbougebied en 'n hoër premie ten opsigte van prokreasie, het tot gevolg gehad dat die vrou onder geweldige fisiese en psigiese druk gekom het (De Vaux 1965:41, Lesko 1989:274). Hughes (1998:11) sê byvoorbeeld in die verband:

" Men in the ancient world primarily valued women according to their laws and speeches, as machines to produce children-male heirs and female baby-makers".

Die fisiese en sielkundige druk waaronder die vrou verkeer het, was nie slegs tot die gebied van landbou beperk nie. Sy het ook emosionele druk binne die familiestrukture beleef. Dit het plaasgevind omdat daar van haar verwag is om onderdanig te wees aan die man. In gemeenskappe van daardie tyd word twee tipes familie onderskei. Eerstens was daar die tipe families waar die oudste broer die hoof en die outoriteit van die familie was en eiendom binne die familie opset van boer na broer oorgedra is. Voorbeelde hiervan word by die Hettiete gevind.

Tweedens was daar die gesinstruktuur wat as die "moederreg" bekend staan en wat 'n meer algemene verskynsel in primitiewe gemeenskappe is (De Vaux 1965:19, Bird 1992:952). Binne dié gemeenskappe het die vrou

nie outoriteit gehad nie. Tog word die kind se afkoms volgens die vroulike lyn bepaal.

Die Hebreeuse term vir gesin, beteken letterlik “huis van die vader” (De Vaux 1965:20, Meyers 1988:128, Rogerson 1989:27). Bybelse navorsers is van opinie dat die kombinasie “huis van die vader” ook van toepassing was op die uitgebreide familie. Die uitgebreide familie bestaan uit twee tot drie generasies: die moeder en vader, moontlik een of twee grootouers, seuns en dogters (getroud of ongetroud) en in sommige gevalle ongetroude ooms, tantes, niggies en neefs (Gottwald 1979:257-292, Lemche 1985:290, Meyers 1988:133, Bird 1992:952).

Ook het die rol van die vrou in die sosiale organisasie aspekte ingesluit wat betrekking het op die man-vrou verhouding, huwelik en egskeiding, kinders ens.

### **3.1 DIE VROU AS EGGENOOT**

Die huwelik tussen man en vrou is as die aanvaarbare norm in die Israelitiese gemeenskap beskou (Jes 4:1 en Spr 30:23). Om saam te bly en nie getroud te wees nie, was 'n skande in die oë van die betrokke gemeenskap. Die huwelik was 'n openbare en nie 'n private aangeleentheid nie, aangesien dit verskillende verhoudings ingesluit het (Meyers 1988:55). Endogame verhoudings het beteken dat lede van die een familie slegs met lede van dieselfde familie mag trou. Origenes was monogame huwelike die reël. Een van die redes waarom daar van die poligame huwelik weggeskram was, was omdat dit aanleiding gegee het tot jaloesie (sien bv Deut 21:15). Dit is verstaanbaar dat die kinderslose vrou jaloers sou wees aangesien groot druk op die vrou geplaas is om veral manlike nakomelinge te baar (Wright 1979:766, sien ook Gen 30 en 1 Sam 1:6).

Die algemene siening bestaan dat die vrou die eiendom van die man was. Dié opvatting kon sy ontstaan gehad het in die gebruik van 'n bruidsprys

(Neufeld 1944:95, De Vaux 1961:26, De Vaux 1965:26, Emmerson 1989:382).

Die bedrag betaalbaar vir die bruidsprys, het afgehang van die status van die bruid se familie (Gen 34:12, Deut 22:29, 1 Sam 18:23).

Die bruidsprys is deur die bruidegom aan die vader van die bruid gegee as vergoeding vir die take wat die dogter sou verrig het om haar familie met die huishouding te help. Die take het, onder meer, ingesluit die omsien na die vee, haar werk op die landerye, die voorbereiding van voedsel en die spin en weef van wol vir die maak van kledingstukke (De Vaux 1961:39, De Vaux 1965:27, Meyers 1978:98, Emmerson 1989:383).

Die Israelitiese vrou het nie die vryheid gehad om met die man van haar keuse te trou nie. Om egter ongetroud in die Israelitiese gemeenskap te gewees het, is as 'n skande beskou. Die vader het oor onbeperkte mag beskik om sy huishouding na goeë dunde te regeer, om die reëlings vir sy dogter se huwelik te tref en om van sy vrou ontslae te raak wanneer hy so gevoel het. Nóg die dogter nóg moeder het enige seggenskap in hierdie aangeleenthede gehad (Phillips 1981:351, Lesko 1987:72, Meyers 1988:35).

In die Hebreeuse Bybel word voorbeelde aangehaal van vroue wat selfs nog minder vryheid en waardigheid in die huwelik gehad het. Dit is veral waar van die vroue van die koninklike harem. In 2 Samuel 20:3 word byvoorbeeld geïllustreer hoe Dawid sy byvroue behandel het.

In 2 Samuel 12:8 word die harem vroue van Dawid as teken van sy status en rykdom beskou. Hulle word gereken as sy vaste eiendom. Vir hierdie vroue was so 'n situasie een van absolute vernedering. Verder het hulle oor geen permanente huwelikskontrak beskik nie en kon hulle ook nooit enige besittings binne die huwelik bekom nie. Slegs vir die eersgebore seun was so 'n voorreg beskore (Emmerson 1989:381).

Nie al die huwelike het vir ewig gehou nie en as gevolg van sekere probleme wat in die huwelik opgeduik het, het mans dit nodig gevind om van hul vroue ontslae te raak.

### **3.2 DIE VROU EN EGSKEIDING**

Nêrens word die ongelykheid van geslagte en die beperkinge wat die huwelik op die vrou geplaas het duideliker gedemonstreer as juis in die geval van egskeiding nie. Die vrou kon onder geen omstandighede van haar man skei nie, terwyl die man die volste reg gehad het om te eniger tyd van sy vrou ontslae te raak (De Vaux 1965:34-35, Emmerson 1989:385).

Egskeiding was in die Israelitiese gemeenskap 'n private aangeleentheid wat deur die familie hanteer is. Die man het die volste reg gehad om onafhanklik van openbare mening op te tree en die egskeiding in die privaatheid van sy huis af te handel (Phillips 1973:350, Emmerson 1989:396).

Na die egskeiding sou die geskeide vrou normaalweg na haar vaderhuis terugkeer. Waar egskeiding deur die vrou egter die oorsaak van egskeiding was, sou 'n ritueel van "afstandoening" van haar eertydse voorregte plaasvind. Dit het gebeur deurdat sy uit haar man se huis getrek het, of daaruit verwyder is. Dié gebeurtenis het gedien as 'n gebaar om haar te beskaam. Vir die man het dit simbolies beteken dat hy van daardie tydstip af ontslae is van sy verantwoordelikheid teenoor haar. As bewys dat die huwelik ontbind is, is 'n dokument van egskeiding aan die vrou gegee om haar in staat te stel om sonder enige probleme weer te trou (Deut 24:1-4, Emmerson 1989:386). In teenstelling met die prosedure van egskeiding, is egskeiding deur die vrou as 'n groot misstap beskou en geensins as 'n private aangeleentheid behandel nie (Emmerson 1989:386). Sulke sake is dikwels deur die staat hanteer en nie deur die benadeelde man nie.

### 3.3 DIE VROU AS MOEDER

Die rol van die vrou as eggenote was nou verbind met haar rol as moeder (sien bv Gen 34, Rigt 14, 1 Sam 18:20-27 en Bird 1992:953). Soos reeds aangedui, was die verwagting by die man dat die vrou 'n manlike nageslag moes voortbring. Groot waarde is aan die voortbestaan van die familienaam geheg. Emmerson (1989:383) wys daarop dat moederskap so hoog geag is dat selfs 'n slavin bo haar eienares verhef kon word indien sy vir die se man 'n seun as eersgeborene en dus as erfgenaam sou gebaar het. Hier kan verwys word na die voorbeeld van Sara wat Hagar aan Abraham gegee het vir die voortbrenging van 'n manlike erfgenaam (Gen 16, Brenner 1985:92-93, Lesko 1987:72, Steinberg 1994:50).

Moeders het in die Israelitiese gemeenskap baie hoë aansien geniet omdat daar geglo is dat vroue spesiale werktuie in die hand van God was (Otwell 1977:64). Moederskap is beskou as nie net 'n biologiese en sosiale funksie nie, maar was as iets besonder wat slegs die vrou kon vervul.

Die Israeliete was vas oortuig dat God baie begaan was oor die prosesse van bevrugting en geboorte (De Vaux 1965:41, Otwell 1977:58). 'n Voorbeeld hiervan word in die boek Amos aangetref. Daar spreek God by monde van Amos die Ammoniete aan omdat hulle "swanger vrouens in Gilead oopgesny het en hulle eie gebied uitgebrei het " (Amos1:13). In Psalm 139 gaan God se betrokkenheid nog verder terug:

"Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef" (Psalm 139:13).

Vir die Israeliete kon geen geboorte dus plaasvind sonder die teenwoordigheid van God nie. Daarom is elke geboorte as 'n teken van God se seën op beide moeder en kind beskou (sien Ps 51:7, 104:30a, Otwell 1977:60).



### **3.3.1 DIE VROU AS VERSORGER VAN HAAR KINDERS**

Beide ouers was by die versorging van hul kinders betrokke, maar die vrou was vir die primêre versorging van die kind verantwoordelik. Wanneer na die onderskeie sosiale verpligtinge van die Israelitiese vrou gekyk word, staan haar rol as versorger duidelik uit (Bird 1992:953). Dit het basies ingesluit die versorging van kinders, hul opvoeding, die voorbereiding van voedsel en die maak van klere.

Die voorbereiding van voedsel het bestaan uit die voorbereiding van die graan produkte vir die bak van brood en die slag van diere. Die maak van klere het ingesluit die voorbereiding van die wilde vlas en die spin en weef van materiaal (Rigt 16:13b-14, Spr 31:13, Bird 1992:954).

Haar daaglikse roetine het voortdurend gewissel tussen aandag aan haar man en die omsien na haar kinders se behoeftes (Otwell 1977:62, Lesko 1987:72, Bird 1992:954). Die verhouding tussen die Israelitiese vrou en haar kinders is so uniek en die liefdesband so sterk, dat die Hebreeuse Bybel dikwels daarna verwys (sien bv Spr 31:27-28, 1 Kon 3:16-28).

### **3.3.2 DIE VROU AS OPVOEDER VAN HAAR KINDERS**

In elke gemeenskap word die gesin as die pilaar vir die sosiale opvoeding van die jong kind beskou (De Vaux 1965:49, McKane 1970:303, Meyers 1988:149-152). Israel was geen uitsondering nie. Dit is binne die kind se engere huislike omgewing dat hy/sy die nodige vaardighede moes aanleer wat hom/haar in staat gestel het om in 'n aktiewe en nuttige lid van die gemeenskap te ontwikkel (2 Sam 14:1-20, 20:16-22).

Die gesins- en familielewe van Israel het hieraan voldoen. Die woonopset van die Israelitiese gemeenskap was sodanig dat alle menslike aktiwiteite en interaksies, soos persoonlike versorging en die aanleer van lewensvaardighede, in dié ruimte kon plaasvind. Binne huisverband is die kind deur veral die moeder die nodige opvoeding en vaardighede

aangeleer om uiteindelik die ouersgeslag te kon opvolg. Sosiale waardes en norme, soos deur die gemeenskap voorgeskryf, het 'n integrale en sentrale deel van die opvoedingsproses uitgemaak (McKane 1970:304). Die boek Spreuke teken die vrou nie net as voortbrenger van kinders nie, maar fokus veral op haar rol as opvoeder.

Die jong kind is totaal en al in die sorg en beskerming van die moeder gelaat tot ten minste die ouderdom van drie jaar. Die vrou verrig 'n spesiale taak in die opvoeding van dogters om hulle voor te berei in die vaardighede wat van 'n volwasse vrou vereis word (De Vaux 1965:50, Otwell 1977:61, Bird 1992:954). Die opvoeding van die jong meisie het, onder meer, die huishoudelike pligte wat deur die moeder aan haar oorgedra is, ingesluit. Sy moes haar dogter die vaardighede aanleer om 'n ywerige en vlytige vrou vir haar man te wees. Sy is geleer hoe om te kook, klere te maak, haar man te ondersteun en te voorsien in al sy daaglikse behoeftes.

Die pa, weer, was verantwoordelik vir die oordra van sekere vaardighede aan sy seuns. Dit het ingesluit die kuns om te jag en die maak van gereedskap (De Vaux 1965:49). Aangesien beide seuns en dogters vir 'n aansienlike deel van hul jeugjare in die teenwoordigheid van die moeder deurgebring het, kan daar aanvaar word dat beide geslagte vertrouwd was met die vrou en moeder se bydrae tot die huishouding. Dat dieselfde waar sou wees van die rol en take van die vader en die kinders se blootstelling daaraan, is hoogs onwaarskynlik. Die man was immers tydens sy volwasse lewe geensins by die take van vroue in en om die huis betrokke nie, omdat dit as minderwaardig en uitsluitlik as die vrou se plig beskou is (De Vaux 1965:48, Otwell 1977:62).

### **3.4 DIE VROU AS RAADGEWER**

In die Hebreeuse Bybel word melding gemaak van die vrou se belangrike rol as raadgewer wie se bekwaamhede openbare erkenning ontvang het (sien bv 2 Sam 14:1-20, 2 Sam 20:15-17). Die vrou se

besondere posisie in die huishouding (bv haar belangrike rol in die besluitneming rakende huishoudelike aangeleenthede) kan beskou word as 'n "indirekte" manier om invloed uit te oefen op sake wat tradisioneel onder die jurisdiksie van die man geval het. Otwell (1977:104) en Amsler (1979:120) het navorsers se aandag gevestig op die spesifieke aangeleenthede in die huishouding waar die vrou in beheer van sake gestaan het.

Die Hebreeuse Bybel maak melding van 'n aantal gevalle waar die vrou die leidende rol in die huishouding vertolk en haar man vryelik van raad bedien het (sien bv Rig 13:22). 'n Voorbeeld hiervan word in Genesis aangetref en vertel die verhaal van Adam en Eva, waar Eva op die verloop van gebeurtenisse besluit en Adam haar sonder teenstand volg (sien Genesis 3). Ons vind 'n verdere voorbeeld in 1 Samuel 25 waar Abigail vir haar man, Nabal, by Dawid in die bres tree deur namens hom 'n vredesoffer in die vorm van voedsel aan Dawid te stuur. Eers later toe haar man behoorlik nugter was, het sy hom van haar optrede ingelig (Otwell 1977:105, Brenner 1985:39). Volgens Levenson (1978) toon Abigail beide eienskappe van selfsug en manipulasie, afhangend van die perspektief van waaruit dit beskou word. In 'n mate stem die siening van die vrou as raadgewer ooreen met die idee van die manlike raadgewer wie se advies by tye reguit en "op die man af" is. Soms is dit omslagtig en slinks (2 Samuel 14) en soms vals (Hosea 12), sondig en boos (1 Konings 12). Dit is interessant om daarop te let dat die vroue waarna verwys is soveel invloed oor hul mans gehad het. Dit kan vergelyk word met manlike raadgewers wat gewoonlik in diens van die koning was (Otwell 1977:108, Levenson 1978:11-28).

#### **4. DIE VROU AS LEIER IN 'N POLITIEKE HOEDANIGHEID**

Die vrou het nie net op sosiale gebied 'n belangrike rol gespeel nie, maar ook op openbare gebied het sy 'n beduidende bydrae gelewer.

Een hiervan is die politieke gebied waar sy 'n leidende rol in die Israelitiese geskiedenis gespeel het (sien Neh 3:12). Volgens Emmerson (1989) het

die vrou gedurende krisistye in die geskiedenis van Ou Israel dikwels 'n merkwaardige invloed op die uitkoms van gebeurtenisse uitgeoefen. Israel se bevryding uit slawerny in Egipte was die gevolg van 'n paar vroue se teenkanting teen die toestand van verdrukking. Daar word gesê dat indien Farao die krag en invloed van die vroue vroeër besef het, hy eerder die getalle van die dogtertjies sou beperk het in plaas daarvan om al die seuntjies te laat vermoor om sodoende die mag en krag van die Israeliete te beperk (sien Eks 1:16, 22, Trible 1973:34, Emmerson 1989:373).

#### **4.1 WYSE VROUE IN OPENBARE HOEDANIGHEID**

Die vrou van Tekoa in 2 Samuel 14 en die vrou van Nabal, waarna reeds verwys is, word albei as "'n wyse vrou" (*iššâ h<sup>a</sup>k mâ*) beskryf (Brenner 1985:34, Emmerson 1989:376). Die vrou van Tekoa word deur Joab aangesê om die rol van 'n weduwee te vertolk en haar storie, soos deur Dawid aan haar vertel, nederig aan die koning oor gedra. Sy vertolk haar rol met groot entoesiasme en selfvertroue. Camp (1985) vergelyk die optrede van die wyse vrou van Tekoa met die van 'n militêre leier. Volgens haar hou haar gedrag verband met haar moederlike rol as opvoeder van haar kinders (Camp 1985:22). Om met selfvertroue en outoriteit 'n gesprek te kon voer, vereis geensins militêre opleiding of enige soortgelyke agtergrond nie. Hoewel Joab die woorde in haar mond lê, is sy allermins 'n passiewe figuur binne hierdie spel. Inteendeel, Camp (1985) vergelyk dit met die verhaal in Eksodus 4:14 en 15 waar God Moses aansê om die woorde in Aäron se mond te lê, aangesien laasgenoemde welsprekender as hy was. Die wyse vrou van Nabal het 'n deurslaggewende rol gespeel in die gemeenskap waarin sy oor voldoende gesag beskik het. 2 Samuel 20:22 toon aan dat sy oor soveel invloed beskik het en so hoog gerespekteer is dat haar raad sonder teenstand aanvaar en gevolg is (Brenner 1985:435, Emmerson 1989:377). Verdere voorbeelde van "wyse vroue" word in Eksodus 35:25 en Jeremia 9:17 aangehaal (Bird 1974:57, Meyers 1988:21, Emmerson 1989:376, Brenner 1993:118).

## HOOFSTUK 4

### DIE ROL VAN DIE ISRAELITIESE VROU IN RELIGIEUSE VERBAND

---

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar na die rol van die vrou in die religieuse organisasie van Oud-Israel gekyk word. Die werke van skrywers soos Brenner (1985,1993), Bird (1987, 1989, 1992) Meyers (1988), en Van der Toorn (1994, 1996) sal, onder andere, na verwys word.

#### 2. DIE VROU IN DIE RELIGIE VAN ISRAEL: 'N NUWE BELANGSTELLING

"One of the arenas in which women's changing consciousness has been most fertile - at the same time generating mountains of resistance - is religion" (Gillespie 1995:2).

Daar is baie min oor die godsdienstige lewe van die Israelitiese vrou bekend, behalwe dit wat deur die Hebreeuse Bybel beskryf word (sien bv Deut 16:1,13, 1 Sam 1:13 -18, Neh 8:2, Bird 1989:291, 1992:955). In die "offisiële" religie is vroue betrokke by fasette van die kultus (Eks 38:8, 1 Sam 2:22). Die vrou kon ook die amp van profeet beklee. Hieronder kan vier uitsonderlike vroue genoem word, naamlik Miriam (Eks 15:20, Num 12:1), Debora (Rigt 4:4 -16), Hulda (2 Kon 22:14-20) en Noadja (Neh 6:14), wat elk later in die hoofstuk kortliks behandel sal word.

Gedurende die negentiende eeu het navorsers, onder andere, Wellhausen (1897) gewys op die manlike eienskappe van Jahwe. Hierdeur wou hy te kenne gee dat die offisiële vorm van religie uitsluitlik 'n aangeleentheid vir mans was (Bird 1994:42). Ook Patai (1967) ondersoek die opvatting dat

die offisiële religie van Israel uitsluitlik vir mans beskore was. Tog dui buite-Bybelse bronne daarop dat daar heel waarskynlik naas Jahwe ook 'n godin aanbid is (Olyan 1988, Smith 1990). Sy het oënskynlik 'n belangrike rol in die familie religie gespeel (Bird 1994:43).

### **3. DIE FAMILIE RELIGIE IN ISRAEL**

Meyers (1988:158) wys daarop dat daar baie min aandag gewy is aan die vrou in die godsdienst van Israel omdat die offisiële religie en nie die familie religie nie, as die "amptelike" religie van Israel beskou is. Die seremonies en rituele wat deur die "gewone" mense uitgevoer is om uitdrukking te gee aan hulle verhouding met die sakrale wêreld, is binne dié raamwerk afgeskeep. In hierdie opsig het vroue heel dikwels hulle godsdienstigheid op 'n ander wyse beleef.

#### **3.1 DIE VROU IN DIE FAMILIE RELIGIE**

Volgens Meyers (1988:161) het antropologiese navorsing belangrike aspekte rondom die godsdienstige aktiwiteite van vroue in die huishoudelike opset na vore gebring. By sekere religieuse aktiwiteite, wat in die huislike sfeer plaasvind, is slegs vroue betrokke. Sodanige aktiwiteite het ingesluit die jong meisie se puberteitsrituele (Rigt 11:39-40), die betrokkenheid van die vrou tydens oesfeesdanse (Rigt 21:20-21) en die baring van kinders (Lev 12:6-8). Om die godsdienstige rol van die vrou verder te belig, word van antropologiese gegewens gebruik gemaak. Dit toon duidelike aanduidings van die vrou wat haar met godsdienstige aktiwiteite in die huis besig hou. Hoewel inligting in hierdie opsig karig is, is daar voorbeelde van vroue wat wel by sulke aktiwiteite betrokke was. Wat antropologiese data oor die godsdienstige aktiwiteite van die vrou ook na vore bring, is dat kultiese rituele gewoonlik die offer van voedsel ingesluit het.

Omdat die vrou normaalweg vir die voorbereiding van voedsel verantwoordelik was (Deut 12:7-12), is dit nie vergesog om die aanname te maak dat vroue tydens dié seremoniële geleenthede, wat in die

Hebreeuse Bybel beskryf word, betrokke moes gewees het nie (Meyers 1988:163). Volgens Bird (1989:292) het die religieuse aktiwiteite van die Israelitiese vrou tipies ingesluit aktiwiteite wat met die gemeenskap te make gehad het, individuele of private godsdienstige aktiwiteite wat ook offerandes en die aflê van geloftes behels het.

### **3.1.1 GEMEENSKAPSAKTIEWEITE**

Die verhale in 1 Samuel 1 - 2, asook die latere Deuteronomistiese wette wat met feeste te make het, toon aan dat vroue ook by pelgrimstogte na tempels en die aflê van geloftes betrokke was (Eks 23:17, Deut 16:16, De Vaux 1965:484, Bird 1989:297). Tydens dié feeste het die vrou in die maaltyd ter ere van die godheid deelgeneem (1 Sam 1:4). Waar vroue vroeër uitgesluit is tydens heiligdombesoeke (Gen 25:21), kon hulle later self tot hul god bid (1 Sam 1:4-9, Meyers 1988:163, Bird 1989:293, Van der Toorn 1996:359).

### **3.1.2 DIE VROU EN DIE AFLEGGING VAN GELOFTES**

Volgens die Hebreeuse Bybel het die gebruik van die aflê van geloftes baie meer algemeen onder vroue as onder mans voorgekom (Betteridge 1980:141-155, Van der Toorn 1994:97). Numeri 30 is 'n goeie voorbeeld van die getrouheid van die vrou se godsdienstige aanbidding en handel uitsluitlik oor die offerandes en geloftes van vroue. Die vervulling van 'n gelofte was 'n kritieke punt vir vroue. Of dit 'n gewone of spesiale gelofte was, het nie saak gemaak nie (bv Deut 23:21 - 22). In sekere gevalle het die gelofte saamgeval met 'n tydsaspek, soos dit heel moontlik in Numeri 6 die geval was waar dit saam met die Paasfees geval het.

Die vervulling van 'n gelofte was vir die vrou 'n groot probleem aangesien dit dikwels met materiële dinge gepaard gegaan het. In die reël het die vrou nie baie eiendom besit nie. Dit wat sy wel besit het, het as versekering vir slegte tye (weduweenskap) gedien (Van der Toorn 1994:99).

Ten einde haar gelofte te vervul, moes sy telkens op haar man se hulp staatmaak om haar van offerandes te voorsien. Dis dan ook teen die agtergrond dat Numeri 30 gelees moet word. Indien die vrou 'n weduwee of 'n geskeide vrou was, was sy dus self vir die nakoming van haar gelofte verantwoordelik.

'n Voorbeeld van 'n vrou wat haar gelofte nagekom het, word in Spreuke 7 beskryf: "Ek moes maaltydoffers bring en het vandag juis my gelofte betaal" (v. 14). 'n Entjie verder in dieselfde hoofstuk (7:19-20) lees mens dat sy heel waarskynlik haar gelofte nie kon vervul nie, want: "My man is nie tuis nie, hy is op 'n lang reis, hy is weg met 'n vol beurs en kom eers met volmaan terug".

#### **4. DIE POPULERE RELIGIE VAN ISRAEL**

Die sogenaamde "populêre religie" word as die "anti-offisiële" religie in Israel gesien. Populêre religie is die religieuse praktyke van die sogenaamde massas, die ongeletterdes en die laerklas wat as die "volk" beskryf word (Maldonado 1986:3-5, Van der Toorn 1987:105-107, Ackerman 1992:1). Populêre religie het ontstaan daar waar die volk die vryheid verkry het om op hul eie unieke wyse hulle religieuse ervaringe uit te leef sonder die voorskrifte van die offisiële religie. Populêre religie is egter as "afvallig" deur aanhangers van die offisiële religie getipeer.

Populêre religie is deur die volk as 'n "oorlewingsmeganisme" gebruik, omdat bogenoemde groep mense van die offisiële religie uitgesluit was. Verder het die populêre religie aan hulle 'n kanaal gebied vir die uitleef van hulle religieuse oortuiging wat andersins in die offisiële religie nie moontlik was nie (Parker 1986:29). Ackerman (1992:1-3) sien daarom populêre religie as die religie van "verloorders". Sy laat haar soos volg daarvoor uit:



"Popular religion is in this sense about losers. But ironically, perhaps, these losers held the majority and represented the mainstream in their day" (Ackerman 1992:2).

Weinfeld (1987:482) wys verder daarop dat bogenoemde groep mense die godin Asjera en die godin van vrugbaarheid, Astarte, aanbid het (Rigt 2:13, 3:7, 1 Sam 7:4, 12, 2 Kon 21:7, 23:6). Inskripsies uit Kuntillet 'Ajrud, wat dateer uit die negende eeu v.C., dui heel moontlik daarop dat Jahwe saam met Asjera aanbid is. Daar is ook sterk aanduidings dat die aanbidding van Ishtar, die koningin van die hemel, wyd verspreid was oor die hele Judea gedurende die einde van die monargale periode (Jer 7:18, 44:18).

## **5. DIE OFFISIËLE RELIGIE VAN ISRAEL**

Die offisiële religie is as die norm van die Israelitiese godsdiens bestempel. Dit beteken dat wanneer die godsdiens van Israel beskryf word, dit vanuit 'n monoteïstiese perspektief gedoen word (Weinfeld 1987:481, Van der Toorn 1996:36). Die monoteïstiese religie, wat in die Hebreeuse Bybel beskryf word, verteenwoordig die religie van priesters en sommige profete. Offisiële religie is as die "suiwer" religie teenoor die familie en populêre uitdrukkings van religie gesien (Weinfeld 1987:482). Van der Toorn (1996:266) verwys na offisiële religie as "staatsreligie".

Die offisiële religie was uitsluitlik 'n aktiwiteit van mans (Berlinerblau 1996:25). Hulle het die kultus beheer om hul status in die gemeenskap te bevestig en versterk. Sodoende is die vrou uit die kultus uitgesluit. Otwell (1977:152) stel dit soos volg:

"Only a few religious leaders appear among the names of women in the Hebrew Bible. This is due to the deliberate exclusion of women from public cult. The religion of Israel was in general a man's religion".

Vroue het beperkte toegang tot dié religie gehad omdat mans geglo het dat die vrou deur periodes van onreinheid (menstruasie) gegaan het (Bird 1987:401, Van der Toorn 1994:52). Weens hierdie beperkinge op vroue kon hulle net toegang tot die offisiële religie bekom deur manlike bemiddelaars (Bird 1987:403, Van der Toorn 1995:2052).

## **5.1 VROUE IN DIE OFFISIËLE RELIGIE VAN ISRAEL**

In die offisiële religie is die onderskeie rolverdelings volgens 'n graad van "heiligheid" gerangskik. Bird (1987:403) illustreer hierdie rangorde deur die voorstelling van 'n sirkel. In die middel van die sirkel, wat ook die middelpunt van outoriteit is, word die priester of hoëpriester aangetref. Hy word deur lede van die priesteramp omring. Die tweede kring van die sirkel verteenwoordig die lede van die gemeenskap, gewoonlik die vrye burgers. Dié groep sluit nie die vrou in nie. In die derde of buitenste kring word, onder andere, die vroue en hul afhanklikes aangetref. Dié groep is nie direk by kultiese proklamasies, wat behartig is deur die groep in die tweede kring, betrek nie. 'n Manlike verteenwoordiger was hul tussenganger by sulke geleenthede.

## **5.2 DIE AKTIWITEITE VAN DIE VROU IN DIE OFFISIËLE RELIGIE**

Hoewel die manlike geslag dominant in die sogenaamde offisiële religie was (Sien 1 Samuel 9:22), het dit nie beteken die vrou geheel en al daarvan uitgesluit was nie. Bo (3.1.1) is reeds voorbeelde gegee van vroue wat betrokke was by pilgrims-, gemeenskaps- en stamfeeste. Die waardevolste inligting oor godsdienstige aktiwiteite van vroue word in verhale van die voor-monargale periode in die Hebreeuse Bybel gevind. Dit verskaf ook die informasie oor sekere leierskapsposisies wat die vrou beklee het (sien Eks 15, 38, 1 Sam 2, 22, 1 Kon 11, Bird 1987:404).

## **5.2.1 DIE VROU EN AANBIDDING**

Die belangrikheid van die vrou se rol en haar deelname aan godsdienstige aanbidding is reeds deur Peritz (1898) en Vos (1968) beklemtoon. Hulle ondersoek word in vier kategorieë verdeel: die vrou as lid van die heilige gemeente, vroue as amptenare in die godsdienstige organisasie, die deelname van vroue tydens kultiese geleenthede en die vrou se teenwoordigheid voor God.

## **5.2.2 DIE VROU AS AMPTENAAR IN DIE GODSDIENSTIGE SFEER**

Vroulike priesters word nie in die Hebreeuse Bybel aangetref nie (Otwell 1977:155). Die vrou het wel verskeie ampte in die kultus beklee. Hierdie kultiese ampte het dienaars, wat by die tent van samekoms aangetref is, ingesluit. So 'n groep vroue was by geleentheid in 'n skandaal betrokke waar hulle die religie probeer ondermyn het. Hulle word daarom in 'n negatiewe lig aan die leser bekend gestel (bv 1 Sam 2:22). Dié groep vroue word ook later in Eksodus 38:8 genoem. Die twee passasies meld nie die presiese taak wat die vroue in die tent van ontmoeting verrig het nie. Die afleiding kan wel gemaak word dat hulle by godsdienstige aktiwiteite betrokke moes gewees het.

## **5.2.3 DIE VROU AS LID VAN DIE “HEILIGE VERGADERING”**

Volgens Otwell (1977:154) het slegs mans voor God verskyn (sien Eks 23:17 en 34:23, asook Deut 16:16). Indien dit so was, sou daar gesê kon word dat vroue van godsdienstige byeenkomste uitgesluit is. Deuteronomium 29:10-13 toon egter aan dat almal, en nie net mans nie, voor God verskyn het. Dit het dus ook vroue ingesluit (sien ook Deut 31:10-12). Twee tekste wat dateer uit die na-ballingskapyd dui ook daarop dat vroue deel van die heilige byeenkomste was (Joël 2:16, 2 Kron 20:13). Haar deelname aan die heilige byeenkomste het, onder meer, ook ingesluit dat sy as profeet kon optree.

### **5.3 DIE PROFEET EN DIE OFFISIËLE RELIGIE**

Profetisme in die antieke Israelitiese gemeenskap was 'n komplekse verskynsel wat indringend deur Bybelgeleerdes bestudeer is. Vroeë navorsers het die Israelitiese profeet byvoorbeeld gesien as 'n inspirerende individu wat vir die suiwerste vorm van die Israelitiese religie verantwoordelik was (Wilson 1980:3). Ewald (1867:1-40) het die profeet as 'n integrale deel in die Israelitiese godsdiens gesien en as dié persoon wat die goddelike leiding en ware kennis ontvang het. So het profete dan as 'n model gedien vir spirituele inspirasie wat deur die gelowige Israeliet nagestreef moes word.

Brenner (1985:57) dui aan dat profetiese boodskappe aan òf 'n individu òf 'n groep mense gerig kon word om sodoende morele en etiese waardes van die gemeenskap oor te dra. Profete kon ook sekere boodskappe oordra in die vorm van godsprake, ekstatische gedrag, drome of simboliese aksies. Volgens Brenner (1985) kon dié aksies dui op interpretasies met betrekking tot die toekoms. Die inhoud daarvan kon wissel van aanmoedigings tot waarskuwings oor sosio-politieke of godsdienstig-morele aspekte.

### **5.4 VROU AS PROFETE**

Een van die godsdienstige rolle waarvan die vrou in Israel beslis uitgesluit was, is dié van priesterskap (Emmerson 1989:379). Redes wat hiervoor aangevoer kan word, sluit onder meer in dat sodanige rituele, liggaamlike ongeskondenheid en rituele reinheid vereis het. Vos (1968:194) en Hayter (1987:70) sê die vrou se periodieke onreinheid tydens menstruasie het 'n groot rol gespeel by haar uitsluiting van priesterskap. Noth (1962) is van mening dat die vrou se vermoë om geboorte te skenk 'n dubbele onreinheid op haar geplaas het.

Hierdie tipe onreinheid kan ook die verklaring wees vir haar uitsluiting uit die offisiële religie (Otwell 1977:176). Ten spyte egter van die vrou se

oënskynlike onreinheid na geboorte, verskyn vroue soos Hagar (Gen 21:17) en die vrou van Manoag (Rigt 13:3), albei moeders, tog in die teenwoordigheid van God (Emmerson 1989:380).

Die Hebreeuse etiket "profeet" word aan vyf vroue in die Hebreeuse Bybel toegeken. Een van hulle is die vrou van die profeet Jesaja (Jes 8:3). Die ander "profetesse" is Miriam, Debora, Hulda en Noadja (Otwell 1977:155-156). Die eerste vrou wat in die Bybel aangetref word aan wie die titel "profeet" toegedig word, is Miriam, wat ook die "moeder van Israel" genoem word (Brenner 1993:62). Goiten (1988) verduidelik dat Miriam se profetiese dienste die begin van die era van vroulike profete aandui en dat Noadja aan die einde daarvan staan (Goiten 1988:13).

Hulda het gedurende die heerskappy van Josia, gedurende die tweede helfte van die sewende eeu v.C, as profetes opgetree. En Noadja het gedurende die tyd van Nehemia (vyfde eeu v.C.) haar merk as profetes gemaak (Neh 6:14). Miriam en Debora word in die Hebreeuse Bybel in terme van 'n manlike familielid geïdentifiseer ten spyte van hul belangrike godsdienstige rol in die Israelitiese gemeenskap (Avigad 1964:274, Otwell 1977:156, Brenner 1985:57, Emmerson 1989:374, Van der Toorn 1994:14).

#### **5.4.1 DIE PROFETES MIRIAM**

By die eerste bekendstelling van Miriam word aan haar die status van "profetes" verleen (Eks15:20-21, Bird 1974:455, Brenner 1985:61). Volgens Burns (1985:39-79) word Miriam as 'n tipe kultiese leier uitgebeeld omdat sy by musiek en dans betrokke was (Noth 1962:121, Brenner 1993:63).

#### **5.4.2 DIE PROFETES DEBORA**

Volgens Rigters 4:4 word Debora beide as profeet en rigter in die gemeenskap gesien (Otwell 1977:156, Brenner 1985:62, 1993:63,

Emmerson 1989:375). In Rigters 4:8 word Debora se profetiese rol as raadgewer duidelik uitgebeeld waar Barak weier om sonder Debora se raad enige militêre opdragte uit te voer (Brenner 1985:62). In Rigters 5:12 gee sy 'n opdrag aan Barak wat dit sonder teëstribbeling uitvoer. Debora ontvang haar profetiese inspirasie deur middel van goddelike orakels. Net soos Miriam, vertolk Debora nie die tradisionele vroulike rolle in die gemeenskap nie, maar is eerder oor die oorlewing van die Israelitiese stamgroepe besorg. Debora word, net soos met Miriam, as "moeder van Israel" beskryf (Rigt 5:7, Meyers 1988:159).

#### **5.4.3 DIE PROFETES HULDA**

Hulda se betroubaarheid as profetes het voortgespruit uit haar profetiese voorspellings aan koning Josia. Haar betrokkenheid by politieke sake, wat van uiterste belang vir die koning en die res van die Israelitiese gemeenskap was, verskil geensins van die profetiese aktiwiteite van dié van haar manlike eweknieë soos byvoorbeeld Amos of Jesaja nie (sien 2 Kon 22:20). Haar profetiese voorspellings is so hoog deur die latere Joodse tradisie geag dat die twee suidelike hekke van die tempelpoort die "Hulda-hekke" genoem is (Brenner 1985:59).

#### **5.4.4 DIE PROFETES NOADJA**

Die profetes Noadja was een van die persone wat Nehemia (Nehemia 6) se poging om die mure van Jerusalem na die ballingskap te herbou, teengestaan het (Otwell 1977:158, Brenner 1993:60). Brenner (1985:61) meld dat Noadja die enigste profetes is wat deur Nehemia op die naam genoem word. Dit kan moontlik 'n aanduiding van haar belangrikheid as profeet en haar magte op politieke terrein wees.

## **5.5 BETROKKENHEID BY POPULÊRE KULTIESE AKTIWITEITE**

Die vroue wat by nie-Jahwistiese kultusse betrokke was, kan in drie kategorieë gedeel word, naamlik kultiese prostitute, geestesbesweerders en aanbidders van vreemde gode (Otwell 1977:158).

### **5.5.1 KULTIESE PROSTITUSIE**

Kultiese prostitusie en geestesbesweerdery het volgens Otwell (1977) ontstaan in reaksie op die gedagte dat die Jahwistiese geloof uitsluitlik 'n manlike aangeleentheid was (Otwell 1977:159). Vroue het die Baälgodsdiens as 'n vervalsde vorm van Jahwisme aangehang in 'n poging om aan hul religieuse oortuigings uiting te gee.

Van der Toorn (1996:295) meld dat die Baälkultus bestaan het uit religieuse byeenkomste (Hos 2:16), die verbranding van wierook (Hos 11:2) en brandoffers wat aan die Baäls gewy is (Hos 13:2). Otwell (1977) verduidelik verder dat die verwysing na manlike en vroulike prostitute in dieselfde konteks voorkom. Na manlike prostitusie word daar ses keer in die Hebreeuse Bybel verwys (Deut 23:17, 1 Kon 14:24, 15:12, 22:46, 2 Kon 23:7 en Job 36:14, Brenner 1985:78).

### **5.5.2 GEESTESBESWEERDES**

'n Tweede "nie-Jahwistiese" religieuse aktiwiteit waarby vroue betrokke was, word in Levitikus 20:27 en 1 Samuel 28:3-25 genoem. In hierdie verse word verwys na kommunikasie tussen die lewendes en die voorvaders met behulp van die tussenkoms van geestesbesweerdendes ("necromancers"). In Levitikus 20 is daar sprake van beide manlike en vroulike geestesbesweerdendes. In die bekende episode van 1 Samuel 28 word daar na die "dodebesweerder" van Endor verwys (v. 7). Otwell (1977:160) meld dat kommunikasie tussen die lewendes en dooies plaasgevind het om leiding aangaande die lewendes se toekoms te verkry.

### **5.5.3 VROUE EN DIE VREEMDE GODE: 'N RITUELE KLAAGLIED**

Volgens Otwell (1977:161) bevat die verwysing in Esegïel 8:14 'n verdere voorbeeld van die vrou se betrokkenheid by 'n kultiese aktiwiteit. Dit vertel van 'n vrou wat by die tempel "gesit" en "huil" het oor Tammus. Otwell (1977:161) is van oordeel dat die "huil" van die vrou beskou moet word as 'n rituele klaaglied oor die dood van die godin van vrugbaarheid. Ook in Jeremia (7:18) word na iets soortgelyks in 'n kultiese konteks verwys. Hier word beskryf hoe Israelitiese vroue die "koningin van die hemel" aanbid het, drankoffers gebring en haar gunsteling koeke gebak het om hul dank te betuig. Van der Toorn (1996:367) wys daarop dat kinders, sowel as hulle vaders betrokke was by die ritueel van aanbidding: "Die kinders maak hout bymekaar en die vaders steek die vuur aan" (Jer 7:18, vgl ook 44:15-19 waar daar 'n verwysing na iets soortgelyks is). Die titel "koningin van die hemel" was heel moontlik 'n bynaam van Anat, die metgesel van Baäl, wat deur vroue aanbid is (Van der Toorn 1994:97, Van der Toorn 1996:367).

### **5.6 DIE ROL VAN DIE VROU IN ANDER KULTIESE AANGELEENTHEDE**

Soos reeds bo aangedui, was die man in beheer van alle leierskapposities in die kultiese instansies (Bird 1987:405). Uit die verwysings bo is dit duidelik dat vroue ook 'n aandeel gehad het. Omdat die man die hoogste gesag en outoriteit in die gemeenskap gehad het, was hy ook die leier op religieuse gebied. Daarteenoor het die vrou 'n meer ondersteunende rol in die opsig gespeel.

Aangesien baie van die "ondersteunende" rolle van die vrou nie in Bybels-Hebreeuse bronne opgeteken is nie, kan daarvoor maar net gespekuleer word. Afleidings kan gemaak word ten opsigte van die vrou se huislike lewe waar sy besig was met die spin en weef van materiaal vir die maak van muurbehangsels vir kultiese gebruik (Eks 34:25-26). Soos bo aangedui, was die vrou ook verantwoordelik vir die voorbereiding van



voedsel wat tydens rituele gebruik is (1 Sam 2:13-17). Sy moes ook die godsdienstige kwartiere en meubels skoonmaak (Bird 1994:406).

### **5.6.1 DIE ISRAELITIESE VROU SE BETROKKENHEID BY DIE KULTIESE TEOFANIE**

Volgens Otwell (1977:162) was vrouens ook by teofanieë betrokke. Teofanieë was van ingrypende belang in die bybelse tye omdat hierdie verskynsels gewoonlik voor belangrike gebeurtenisse plaasgevind het. Byvoorbeeld, voor die ontvangs van die wette op die berg Sinai (Eks 19). Die name van ten minste drie vroue, wat betrokke was by teofanieë, word in die Hebreeuse Bybel genoem. Een van hulle was Hagar wat tydens twee geleenthede betrokke was (Gen 16:7-13). Hierdie goddelike ontmoeting het plaasgevind terwyl sy na die woestyn gevlug het, na haar argument met Sara. Van 'n tweede ontmoeting word in Genesis 21:17 vertel. 'n Derde voorbeeld van 'n teofanie, waarin 'n vrou betrokke was, word in Rigters 13:2-25 aangetref.

Die eerste twee teofanieë (Genesis 16 en 21) verskil van die derde (Rigt 13) in die volgende opsig: in die vorige eerste twee is dit slegs 'n vrou wat die visioen ervaar het, terwyl in die derde geval beide vrou en man betrokke is. Die belangrikheid van die verhale is egter dat nie net mans nie, maar ook vroue deel kon wees van 'n teofanie. Wat Rigters betref, is dit interessant om daarop te let dat dit eers die vrou is wat by die teofanie betrokke is en eers daarna vrou en man tesame (Rigt 13:11).

## HOOFSTUK 5

### SLOTOPMERKINGS

---

Die studie is begin met 'n kort oorsig van navorsing oor die vrou in die dissipline van die antropologie. Die inligting is van besondere waarde met betrekking tot navorsing van die vrou in die Hebreeuse Bybel omdat daar ooreenkomste bestaan tussen die vrou in die genoemde pre-industriële gemeenskappe en die vrou in Bybelse tye. Omdat die Hebreeuse Bybel meestal fokus op die aktiwiteite van mans, is die belangrike rol wat die vrou vervul het nie altyd geag nie. Bybelgeleerdes, en veral dié uit vroue geleedere, het in die afgelope paar dekades probeer om hierdie stand van sake reg te stel. Verskeie van die studies is in hierdie projek geraadpleeg en op grond hiervan kan die volgende afleidings met betrekking tot die sosiale en religieuse rol van die vrou in Oud Israel gemaak word:

1. Wat die sosiale organisasie betref, was die vrou se primêre betrokkenheid by haar familie. Hier het sy die rol van eggenoot en raadgewer teenoor haar man en die van moeder, versorger en opvoeder van haar kinders vertolk. Binne die Israelitiese familiestruktuur was die man die hoof van die huis en die vrou moes 'n onderdanige posisie inneem. Een van die belangrikste verwagtings binne die familie-opset was om manlike erfgename aan haar man te gee. Dit het veral 'n groot emosionele druk op die vrou geplaas. Voorbeelde hiervan is Sara (Gen 16), Ragel (Gen 30) en Hanna (1 Sam 1).
2. As eggenote binne die Israelitiese huishouding, was die vrou se taak die ondersteuning van en voorsiening in haar man se daaglikse behoeftes. Hier het sy dikwels die rol van raadgewer vertolk waar sy haar man van raad bedien het aangaande sake binne en buite die huishouding. Voorbeelde hiervan is die vrou van Nabal (1 Sam 25) en die wyse vrou van Tekoa (1 Sam 14).

3. As moeder het sy 'n besondere belangrike rol ten opsigte van die opvoeding van haar kinders vervul. Nie alleen was sy die primêre versorger van haar kinders nie, sy was ook die een wat hulle (beide seun en dogter) moes begelei op die eerste treë van die grootwordproses. Sy moes hulle die nodige lewensvaardighede bybring, wat ingesluit het die aanleer van sekere norme en waardes soos deur die gemeenskap voorgeskryf ten einde 'n suksesvolle lid van die gemeenskap te kan wees. Sy was veral verantwoordelik vir die dogter se opvoeding met betrekking tot die huishoudelike pligte van die vrou. Sy moes haar leer om voedsel voor te berei, klere te maak en om te sien na die algemene onderhouding van die huis.

Wat die religieuse rol van die vrou aangaan, is die volgende vasgestel:

1. Binne die offisiële religie, wat uitsluitlik 'n manlike aktiwiteit was, het die vrou 'n ondergeskikte posisie in die godsdienstige rangorde ingeneem. Dit het beteken dat sy nie direk by offisiële kultiese aktiwiteite betrokke was nie. 'n Manlike persoon het by dié geleentheid as tussenganger opgetree. Hoewel die man 'n dominante rol in die offisiële religie ingeneem het, was die vrou nie heeltemal onbetrokke nie. Sy het deelgeneem aan aktiwiteite soos pelgrims, gemeenskaps- en stamfeeste. By godsdienstige aanbiddings kon sy as lid van die "heilige gemeente" as profeet optree (Joël 2:16 en 2 Kron 20:13). Die titel "profeet" word aan vyf vroue in die Hebreeuse Bybel gegee, naamlik Miriam (Eks 15), Debora (Rigters 4), Hulda (2 Kon 22), Jesaja se vrou (Jes 8:3), en Noadja (Neh 6).
2. Die Hebreeuse Bybel maak weinig melding oor die aard van familie religie. Daar is wel aanduidings dat vroue betrokke was in religieuse aktiwiteite binne die familie waar sy voedsel voorberei het wat tydens kultiese rituele aan die godheid geoffer is. Ander aktiwiteite binne hierdie sfeer het ingesluit die bring van offerandes en die aflê van geloftes. Die vervulling van 'n gelofte was vir die vrou 'n probleem omdat dit met materiële dinge gepaard gegaan het. Die vrou het oor die algemeen geen materiële besittings gehad nie en was daarvoor van haar man afhanklik (Spreuke 7).

3. Binne die "populêre" religie, wat in belangrike opsigte van die offisiële religie verskil het, kon die vrou haar religieuse oortuigings met groot ywer uitleef. In die verband het sy vir Asjera, Astarte en Isjtar, die "koningin van die hemel", wat met bevrugting geassosieer was, aanbid. Dit is geen wonder nie, aangesien die baar van kinders 'n belangrike aangeleentheid vir mans, vroue en die hele Israelitiese gemeenskap was.

## BIBLIOGRAFIE

---

- Ackerman, S 1992. *Under every Green Tree. Popular Religion in Sixth-Century Judah*. Atlanta: Scholars Press.
- Allan, M 1981. Women in Ancient Civilizations in: (ed).Freedman, D.The Anchor Bible Dictionary 6, 127-128.
- Ardener, E 1972. "Belief and the problem of women" in: (ed) J.S. La Fontaine, *The Interpretation of ritual: 135-156*. Essays in Honor of A.I. Richards. London: Tavistock.
- Avigad, N 1964. The Seal of Jezebel. *Israel Exploration Journal* 14, 274-276.
- Bachofen, J 1861. *Das Mutterrecht*. Stuttgart, Germany: Kraus and Hoffman.
- Bachofen, J 1967. *Myth, Religion and Mother Right. Selected Writings* Ralph Mamheim trans. (Bollingen Series LXXXIV). New York: Princeton University Press.
- Bamberger, J 1974. The Myth Of Matriarchy: Why Men Rule in Primitive Societies, in: Rosaldo, M & Lamphere, L (eds). *Women, Culture and Society*, California: Standford University Press. 263-280
- Barber, E 1994. *Women's Work: The First 20,000 Years. Women, Cloth and Society in the Early Times*. New York: W W Norton & Company.
- Barry, H & Bacon, M & Child, I 1957. A Cross-Cultural Survey of Same Sex Differences in Socialization. *Social Psychology* 55, 327-332.
- Beals, R & Hoijer, H 1971. *An Introduction to Anthropology*. New York: The MacMillan Company.
- Berlinerblau, J 1996. The Popular Religion Paradigm in Old Testament Reseach: A Sociological Critique, *Journal of the Study of the Old Testament* 60, 3-26.
- Betteridge, A 1980. The Contraversial Vows of Urban Moslem Women in Iraq, in: Falk, W & Gross, R (eds). *Unspoken Worlds*. San Francisco: Harper & Harper.
- Bird, P 1974. Images of Woman in the Old Testament, in: Radford Ruther, R (ed). *Religion and Sexism, Images of Woman in Jewish and Christian Traditions*, 41-88. New York: Simon and Schuster.

- Bird, P 1987. The Place of Women in Israelite Cultus, in: Miller, P D (ed.). *Ancient Israelite Religion. Essays in Honour of Frank Moore Cross*, 317-419. Philadelphia: Fortress Press.
- Bird, P 1989. Women's Religion in Ancient Israel, in: Lesko, B (ed.) *Women's Earliest Records: From Ancient Egypt to Western Asia*. Atlanta Georgia: Scholars Press.
- Bird, P 1992. Woman (OT), in: Freedman, D N (ed.) *The Anchor Bible Dictionary* 6, 951-957. New York: Doubleday.
- Bird, P 1994. Woman in the Ancient Mediterranean World: Ancient Israel. *Biblical Review* 39, 31-45.
- Boulding, E 1976. *The Underside Of History, A View of Women through Time*. Colorado: West Press.
- Bourguignon, E 1980. *A World of Women: Anthropological Studies of Women in the Societies of the World*. U.S.A: Praeger Publishers.
- Brenner, A & Van Dijk, H 1993. *On Gendering Text: Female and Male Voices in the Hebrew Bible*. Leiden: Brill.
- Brenner, A 1985. *The Israelite Woman: Social Role and Literary Type in Biblical Narrative*, Sheffield: JSOT Press.
- Brosius, M 1996. *Women in Ancient Persia (559-331B.C)*. Oxford: Clarendon Press.
- Burns, R 1985. Has the Lord indeed Spoken only through Moses?. A Story of the Biblical Portrait of Miriam. *SBLDS* 84, 39-79. Atlanta: Scholars Press.
- Camp, C 1985. *Wisdom and the Feminine in the Book of Proverbs*. Sheffield: JSOT Press.
- Camp, C 1981. The Wise Women of 2 Samuel: A Role Model of Women in Early Israel. *Catholic Biblical Quarterly*, 43. 14-29.
- Camp, C 1988. "Wise and Strange: An Interpretation of the female Imagery in Proverbs in Light of Trickster Mythology". in: Exum, J. and Bos, J (eds), Reasoning with the Foxes: Female wit in a world of Male Power. *Semeia* 42, 14-36.
- Cherný, J & Gardiner, A 1957. *Hieratic Ostraka i*. Oxford: Oxford University Press.
- Childs, B 1976. *Exodus*. London: SCM.
- Chodorow, N 1974. Family Structure and Feminine Personality, in: Rosaldo, M & Lamphere, L (eds). *Women, Culture and Society*, 43-66. Stanford: Stanford University Press.

- Clark, G 1989. *Women in the Ancient World*. Oxford: Oxford University Press.
- Collier, J 1974. Women in Politics, in: Rosaldo, M & Lamphere, L (eds.). *Women, Culture and Society*, 89-96. Stanford: Stanford University Press.
- Dalley, S 1989. *Myths from Mesopotamia*. Oxford: Oxford University Press.
- De Beauvoir, S 1953. *The Second Sex*. New York: University Press.
- De Vaux, R 1961. *Ancient Israel: It's life and Institutions*. London: Longman & Todd.
- De Vaux, R 1965. *Ancient Israel, vol 2, Religious Institutions*. New York: McGraw-Hill Book Company.
- Drinker, S 1948. *Music and Women: The Story of Women in Their Relations to Music*. New York: Coward-McCann.
- Duhm, B 1875. *Die Theologie der Propheten*. Bonn: Adolph Marcus.
- Durant, W 1954. *The Story of Civilization. Our Oriental Heritage*. New York: Simon & Schuster.
- Emmerson, G 1989. Woman in Ancient Israel, in: Clement, R E (ed). *The World of Ancient Israel: Social, Anthropological and Political Perspectives*. 371-394. New York: Cambridge University Press.
- Evans-Pritchard, E 1951. *Kinship and Marriage Among the Nuer*. Oxford: Clarendon.
- Evans-Pritchard, E 1962. *Essays in Social Anthropology*. London: Faber and Faber.
- Evans-Pritchard, E 1965. The position of Women in Primitive Societies and our own, in: *The Position of Primitive Societies and Other Essays in Social Anthropology*. New York: Faber & Faber.
- Ewald, H 1867. *Die Prophezen des Alten Bundes*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Finet, A 1973b Hammu-rapi et l'épouse vertueuse, in: (ed) Beek, M, *Symbolae Biblicae et Mesopotamica*. 137-143. F M T de Liagne Böhl dedicatae, Leiden: E J Brill.
- Fischer, H 1989a. *Egyptian Women of the Old Testament and the Heradeopolitan Period*. Atlanta: Scholars Press.
- Friedl, E 1967. The Position of Women: Appearances and Reality. *Anthropological Quarterly* 40, 47-108.
- Friedl, E 1975. *Women and Men. An Anthropologist View*. U.S.A: Holt, Rinehart & Winston.

- Frymer- Kensky, T 1989. *The Ideology of Gender in the Bible and the Ancient Near East*, in: (ed) Behrens, H. *Studies in Honor of Sjöberg*. 185-191. Philadelphia: The University Museum.
- Frymer- Kensky, T 1992. *In The Wake of the Goddesses*. New York: Free Press.
- Gelb, I 1979. *Household and the Family in Early Mesopotamia*, in: Lipinski, E. (ed) *State and Temple Economy in the Ancient Near East vol 1*, 1-97.
- Gillespie, J 1995. *Women Speak of God, Congregation and Change*. Pennsylvania: Trinity University Press.
- Goiten, S 1988. *Women as Creators of Biblical Genres*. Tel Aviv: Yanach Press.
- Gottwald, N 1979. *The Tribes of Yahweh. A Sociology of the Religion of Liberated Israel 1250-1050 b.C*. London: SCM Press.
- Gough, K 1971. *Nuer Kinship: A Reexamination*, in: Beidelman, T O (ed.). *The Translation of Culture: Essays to E.E Evans-Pritchard*, 79-121. London: Tavistock.
- Grosse, A B (nd). *The Civilization Of The Ancient Egyptians*. London: T C & E C Jack Ltd.
- Grosz, K. 1983. *Bridewealth and Dowry in Nuzi* , in: Cameron, A (ed) *Images of Women in Antiquity*. 193-205. Detroit: Croom Helm Ltd.
- Hallo, W W & Simpson, W K 1998. *The Ancient Near East. A History*. Ford Worth: Harcourt College Publishers.
- Harris, R 1992. *Women (Mesopotamia)*, in: Freedman, D N (ed.). *The Anchor Bible Dictionary* 6, 947-951. New York: Doubleday.
- Harris, R 1975. *Ancient Sippar. A Demographic Study of an Old-Babylonian City (1894-1595 b.C)*. Leiden and Istanbul: Nederlands Historisch- Archeologisch Instituut te Istanbul.
- Hawass, Z 1995. *Silent Images. Women in Pharaonic Egypt*. New York: Harry, N Abrahams, Inc. Publishers.
- Hayter, M 1987. *The New Eve in Christ*. London: SPCK.
- Henney, J 1968. *Spirit Possession: Belief and Behavior in a Religious group in St. Vincent, British west Indies*. Columbus, Ohio: University Microfilms.
- Holter, H 1970. *Sex Roles and Social Structures*. Oslo: Universiteits Fowlaget.
- Hopkins, D 1985. *The Highlands of Canaan*. Sheffield: Almond.
- Huffman, H 1992. *Prophecy in Ancient Near East*, in: Sasson, J (ed.). *Civilizations of the Ancient Near East, Vol 3*. 479-482. New York: Charles Scribner's & Sons.



- Hughes, S 1998. *Women in ancient Civilizations*. U.S.A.: American Historical Association.
- Hutt, C 1972. *Males and Females*. Baltimore: Penguin.
- Jacobsen, T 1960. Discussions, in: Kraeling, C H & Adams, R M (eds). *City Invincible, 24-34*. Chicago: Chicago University Press.
- James, E 1919. *An Introduction to Anthropology*. London: MacMillian.
- Jansen, J 1975. Marriage Problems and Public Reactions, in: Bains, J *et al.* (ed.). *Pyramid Studies and other Essays Presented to I Edwards*. 134-137. London: SCM Press.
- Knapp, A 1988. *The History and Culture of Ancient Western Asia and Egypt*. Belmont: Wadsworth.
- Kramer, 1976. Poets and Psalmists, in: (ed) Schmandt-Besserat, D., *The Legacy of Sumer*. 12-21. Malibu: Bimes .
- Kramer, S 1956. *From the Tablets of Sumer: Twenty-Five firsts in Man's Recorded History*. Colifornia: Falcon's wing Press.
- Kramer, S 1963. *The Sumers: Their History, Culture and Character*. Chicargo: University of Chicargo Press.
- Lamphere, N 1987. Feminism and Anthropology. The Struggle to Reshape and Rethink about Gender, in: Farmham, C (ed.). *The Impact of Feminist Research in Academy*. Bloomington and Indianapolis: Indiana University Press.
- Lee, R 1968. What Hunters do for a Living, or How to Make out on Scarce Resources, in: Lee, R and De Vore, I (eds), *Man the Hunter*. 30-48. Chicargo: Aldine.
- Lemche, N P 1985. *Early Israel. Anthropological and Historical Studies on the Israelite Society before the Monarchy*. Leiden: E J Brill.
- Lemche, N P 1995. The History of Ancient Syria and Palestine: an Overview, in: Sasson, J (ed.). *Civilizations of the Ancient Near East. Vol 11*, 1195-1218. New York: Charles Scribner's & Sons.
- Lesko, B (ed) 1989. *Woman's Earliest Records: From Ancient Israel to Western Asia*. Atlanta: Scholars Press.
- Lesko, B 1987. Women of Egypt and Ancient Near East in: Bridenthal, R *et al.* (ed). *Becoming Visible – Women in European History*, 41-77. Boston: Houghton Mifflin Company.

- Less, W 1965. *Reader in Comparative Religion. An Anthropological Approach*. Harper and Row Publishers.
- Levenson, J 1978. 1 Samuel 25 as Literature and as History. *Catholic Biblical Quarterly* 40, 11-28.
- Maccoby, E & Jacklin, C 1974. *The Psychology of Sex Differences*. Stanford: Stanford University Press.
- Maldonado, L 1986. Popular Religion: its dimensions, levels and types in: (eds) Greinacher, N & Mette, N , 1986, 3-11.
- Martinez-Alier, V 1974. *Marriage, Class and Colour in Nineteenth Century Cuba: A History of Racial Attitudes and Sexual Values in a Slave Society*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McKane, W 1970. *Proverbs, A New Approach*. London: SCM Press.
- Mckeating, H 1979. Sanctions against Adultery in Ancient Israelite Society, With some reflections on Methodology. *Old Testament Ethics* 11: 57-72. JSOT Press.
- McKenzie, D 1973. *Myths of Babylonia and Assyria*. London: The Gresham Publishing Company.
- Mead, M 1949. *Male and Female: A Study of the Sexes in a Changing World*. New York: William Morrow & Co.
- Mead, M 1953. *Male and Female*. New York: Morrow.
- Mead, M 1966. Fieldwork in The Pacific Island, 1925-1967, in: (ed) Golde, *Women in the Field*, 322-343. Chicago: Chicago University Press.
- Meyers, C 1978. The Roots of Restriction: Women in Early Israel, *Biblical Archaeology* 41, 91-103.
- Meyers, C 1988. *Discovering Eve: Ancient Israelite Woman in Context*. Oxford: Oxford University Press.
- Meyers, C 1991. To her Mother's House: Considering a counterpart to the Israelite Bet'ab, in: Jobling, D *et al.* (ed). *The Bible and the Politics of Exegesis*, 1991b. p 42-44 New York: Pelgrim Press.
- Meyers, C 1987a. Gender Imagery in the Song of Songs. *Hebrew Annual Review* 10. 209-223.
- Meyers, C 1994. Women in the Ancient Mediterranean World: Ancient Israel. *Biblical Research* 39, 31-45.

- Meyers, C 1997. The Family in Early Israel in: (ed.) Perdue, L G. *Families in Ancient Israel*. Westminster: John Knox Press.
- Montagu, A 1969. *Man: His first two Million Years, A Brief Introduction of Anthropology*. New York: Columbia University Press.
- Moorey, P 1977. "What do we know about the People Buried in the Royal Cemetery?". *Expedition*, 20, 40-47.
- Morgan, L 1851. *League of the Hodenosaunee*. Inoquois, Rochester, New York: Macmillian & Co.
- Morgan, L 1877. *Ancient Society*. London: Macmillian & Co.
- Neufeld, E 1944. *Ancient Hebrew Marriage Laws*. London: Luzac & Company, Ltd.
- Noth, M 1962. *Exodus*, London, Scm trans. From Das dritte Buch Mose, Exodus. Göttingen: Vandenhoeck Rupprecht 1959.
- Oakley, A 1972. *Sex, Gender and Society*. London: Temple & Smith.
- Olyan, S 1988. *Ashereh and the Cult of Yahweh in Ancient Israel*. Atlanta: Scholars Press.
- Opler, M 1945. Themes as Dynamic Forces of in Culture. *Acta Sumerologica* 198-206.
- Ortner, S 1974. Is Female to Male as Nature is to Culture? In: (ed) Rosaldo, M and Lamphere, L, *Women, Culture and Society*, 67-88. Srandford: Standford University Press.
- Otwell, J 1977. *And Sarah Laughed: The Status of Woman in the Old Testament*. Philadelphia: The Westmister Press.
- Parker, C 1986. Popular religion and the Protest against Oppression: the Chilean Example in: (eds).Greinacker, N & Mette, N. 28-35
- Patai, R 1967. *The Hebrew Goddess*. New York: Ktav.
- Peritz, I 1898. Women in the Ancient Hebrew cult. *Journal of Biblical Literature* 17, 111-148.
- Phillips, A 1973. Some Aspects of Family Law in Pre-Exilic Israel. *Vetus Testamentum* 23, 349-361.
- Phillips, A 1981. *Another look at Adultery* 20, 3-25. JSOT Press.
- Pomeroy, S 1984. *Women in Hellenistic Egypt. From Alexander to Cleopatra*. New York: Shocken Books.
- Pritchard, J 1958. *The Ancient Near East*. Princeton: Princeton University Press.

- Quinn, N 1976. Anthropological Studies on Women's Status. *Annual Review of Anthropology* 6, 181-225.
- Redford, R 1967. *Peasant Society and Culture*. Chicago: Chicago University Press.
- Robins, G 1993. *Women in Ancient Egypt*. Harvard: Harvard University Press.
- Rogers, S 1978. Women's Place: A Critical Review of Anthropological Theory. *Comparative Studies in History and Society* 20, 123-162.
- Rogerson, J 1989. Anthropology and the Old Testament, in: Clements, R (ed.). *The World of Ancient Israel. Sociological, Anthropological and Political Perspectives*, 1-20. Cambridge: Cambridge University Press.
- Rogerson, J 1978. *Anthropology and the Old Testament*. Oxford: Basil Blackwell.
- Rosaldo, M & Lamphere, L 1974. *Women, Culture and Society*. Stanford: Stanford University Press.
- Rosaldo, M 1974. Women, Culture and Society: A Theoretical Overview. in: Rosaldo, M and Lamphere, L. (eds) *Women, Culture and Society (1974)* 17-42. Stanford: Stanford University Press.
- Rosaldo, M. 1980. The Use and Abuse of Anthropology: Reflections on Feminism and Cross-Cultural. *Signs* 5, 389-419.
- Rosenberg, D 1988. *World Mythology: An Anthropology of the Great Myths and Epics*. U.S.A.: Passport Books.
- Ruether, R 1974. *Religion and Sexism*, New York: Simon & Schuster.
- Sakenfeld, K 1982. Old Testament Perspectives: Methodological Issues. *Journal of the Society of the Old Testament* 22, 13-20.
- Seibert, I 1974. *Women in Ancient Near East*. Leipzig: Leipzig Edition.
- Sertima, I 1984. *Black Women in Antiquity*. New York: New Brunswick.
- Sheppard, G 1957. Prophecy: An Overview, in: Eliade, M (ed.). *Encyclopaedia of Religion* 12, 8-13. New York: Macmillan Publishing Company.
- Smith, H 1972. Society and Settlement in Ancient Egypt, in: Ucko, P (ed) *Man, Settlement and Urbanism*. 705-719. London: Tavistock
- Smith, J 1923. *The Moral Life of the Hebrews*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Smith, M 1990. *The Early History of God: Yahweh and the Other Deities in Ancient Israel*. San Francisco: Harper & Row.
- Smith, R 1978. The family and the Modern System: Some Observations from the Caribbean. *J.Fam. Hist.* 3, 337-360.

- Steinberg, N 1994. Kinship and Gender in Genesis. *Biblical Review* 39, 46-56.
- Tavard, G 1973. *Women in Christian Traditions*, Notradame. Ind: University of Notradame Press.
- Trible, P 1973b. Depatriarchalising in Biblical Interpretation. *Journal of American Academy of Religion* 41, 30-48.
- Van der Toorn, K 1987. *Van haar wieg tot haar graf. De rol van de godsdienst in het leven van de Israëlitische en de Babylonische vrouw*. Baarn: Ten Have.
- Van der Toorn, K 1994. *From her Cradle to Her Grave*. Sheffield: JSOT Press.
- Van der Toorn, K 1995. Theology, Priest and Worship in Caanan and Ancient Israel in: (ed) Sassaon, J. *Civilizations of the Ancient Near East*, 111, 2043-2057. New York: MacMillian Library Reference.
- Van der Toorn, K 1996. *Family religion in Babilonia, Asyria and Israel. Continuity and Change in the forms of Religious Life*, Leiden: E J Brill.
- Voorhuis, B 1939. *Female of the species*, (ed) Kay, M. New York: Columbia University Press.
- Vos, C 1968. *Women in Old Testament Worship*, Delft: Verenigde Drukkerijen Judels & Brinkman.
- Watterson, B 1991. *Women in Ancient Egypt*, New York: St. Martins Press.
- Weinfeld, M 1987. Israelite Religion in: (ed) Elaid, M. 1987. *Encyclopeadia of Religion* 7, 482-497.
- Wellhausen, J 1897. *Israelitische und jüdische Geschichte 3<sup>rd</sup> ed*. Berlin: Georg Reiner.
- Whiting, B & Edwards, C 1973. A Cross-Cultural Analysis of Sex Differences in the Behaviour of Children aged three through eleven. *Journal of Social Psychology* 91, 171-188.
- Whyte, M 1978b. *The Status of Women in Preindustrial Societies*, Princeton New Jersey: Princeton University Press.
- Wilson, R 1975. *Prophecy and Society in the Ancient Israel*, Philadelphia: Fortress Press.
- Wolf, M 1972. *Women and the Family in Rural Taiwan*, Standford: Standford University Press.
- Wright, C 1979. Family in: (ed) Freedman, D. *The Anchor Bible Dictionary*, 766-771. New York: Doubleday.

Yanagisako, S 1979. Family and Household: The analysis of Domestic groups.  
*Annual Review of Anthropology* 8, 161-205

Young, K 1987. *Women in World religions*, (ed) Sharma, A. U.S.A.: State University Press.